

SPEC. COLL. 24  
126

DIE FONOLOGIESE STRUKTUUR VAN DIE  
EENLETTERGEPICE WOORDE IN AFRIKAANS.

ULRICH LIEBRECHT BADENHORST, B.A.

SKRIPSIE AANGEBIED TER GEDEELTELIKE  
VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD  
M.A. IN NEDERLANDS EN AFRIKAANS AAN DIE  
UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD.

1952.

The copyright of this thesis is held by the University of Cape Town. Reproduction of the whole or any part may be made for study purposes only, and not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

I N H O U D S O P G A W E.

Hoofstuk 1	Inleiding	p.1
Hoofstuk 2	Woordmateriaal	11
Hoofstuk 3	Groepering van materiaal	19
Hoofstuk 4	Ontleding van die fonologiese struktuur van die Afrikaanse eenlettergrepige woorde	26
Hoofstuk 5	Slot	57
Bylae A		60
Bylae B		60
Bylae C		60
Bylae D		61
Bylae E		62
Bylae F		64
Bibliografie		66

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

Wanneer daar noukeurig gelet word op die uitspraak van die Afrikaansewoorde kies, kaas en koes, sal daar ontdek word dat die drie woorde nie net wat hul middelklanke betref, van mekaar verskil nie. 'n Presiese ontleding van die artikulasie van die begingeluid in elk van die drie woorde, sal aan die lig bring dat daar ook verskil bestaan. Die afsluiting tussen die tong en die verhemelte is in die eerste geval meer na voor in die mond as in die ander twee, en in die laaste geval is daar 'n ronding van die lippe wat by die eerste twee ontbreek. Streng gesproke, m.a.w suiwer foneties beskou, het ons hier te doen met drie verskillende klanke, elk met sy besondere artikulasie, al bestaan daar ook groot ooreenkomstige tussen hulle. 'n Mens sal die klanke kan aandui as  $k^1$ ,  $k^2$ , en  $k^3$ . Nou is dit so dat die besondere kenmerk van elk van hierdie onderskeie klanke bepaal is deur sy posisie in die woord, nl. aan die begin respektiewelik voor 'n ie, 'n aa en 'n oe. Geen van die klanke kan ooit in 'n ander omgewing optree nie, en dus is die verskil bv. tussen  $k^1$  en  $k^2$  nie op sigself in staat om twee woorde van mekaar te onderskei nie. Die verskil tussen  $k^1$ ,  $k^2$  en  $k^3$  kan wel in die taalgebruik of spraak waargeneem word, maar in die taal het dit geen funksie nie; m.a.w. die „vormverskille“ tussen hierdie spraakgeluide is nie funksioneel nie, hulle het geen distinktiwe waarde nie.

Ons sê nou dat die onderling nie - distinktiwe klanke  $k^1$ ,  $k^2$ ,  $k^3$  (en miskien ook nog  $k^4$  en  $k^5$  wat ons sal kan onderskei) saam die foneem k uitmaak. Dit hou natuurlik in dat die foneem k as 'n geheel in opposisie staan tot (of distinktiwe waarde het ten opsigte van) 'n ander groep van klanke wat ook saam 'n foneem vorm, soos bv. die t. Die Afrikaanse woorde kap, lap en tap word van mekaar onderskei bloot deur die verskille wat daar tussen die k, l en t bestaan, sodat die aanvangsklanke van die drie woorde lede is van aparte foneme.

Klanke verskil egter nie net na gelang van die fonetiese omgewing waarin hulle voorkom nie, d.w.s. aan die begin, in die middel of op die end van 'n woord, voor of na dié of daardie ander klank nie, maar ook na gelang van die wisselende toestand van die spraakorgane van dieselfde persoon, sy besondere manier van artikulasie, sy emosionele toestand of sy stilerende bedoeling wanneer hy praat. So sal een persoon die vokaal in mes laer, meer ope uitspreek as 'n ander; of hy sal nou die verbinding daar ver normaal artikuleer maar by 'n ander geleentheid die vokale aansienlik rek (en tegelyk die toon verhoog) om 'n bepaalde effek te verkry. In geen geval tree die spreker met sy besondere artikulasie buite die grense van die bepaalde foneem waarvan die klank slegs een van die variante is nie. So bv. is die bry - [R] 'n variant van die [r]-foneem en nie 'n aparte foneem nie, want dit het nie distinktiwe waarde nie en is alleenlik maar te wyte aan die besondere uitspraak van 'n bepaalde persoon. Vir die hoorder (en spreker) is daar geen betekenisverskil tussen variante van dieselfde foneem nie.

Dit is nie so dat 'n foneem bloot 'n abstraksie van die taalwetenskap is nie, al val dit nooit saam met net een klank soos dit in die taalgebruik geartikuleer word nie. Dit bestaan as 'n eenheid in die taalbewussyn van die spreker en word net op verskillende manier in die taalgebruik gerealiseer. Die verskillende spraakvariante van 'n foneem vorm 'n taaleenheid omdat hulle nie deur hulle onderling onderskeidende kenmerke 'n funksie het nie. Hulle het 'n funksie alleen deur wat hulle met mekaar gemeen het en deur wat hulle gesamentlik in teenstelling tot 'n ander foneem met al sy variante plaas. Wanneer ons van 'n foneem praat, sluit ons dus by die spraakklank in, sy verhouding tot die woordgeheel vir sover dié woordgeheel 'n betekenis het wat verskil van dié van alle ander woorde. In die woorde van Anton Reichling, 'n foneem is „ 'n vormverschynsel in zyn verhouding tot een betekenis, een functioneel vorm-verschynsel dus". "A phoneme is a class of phonetically similar sounds, contrasting and mutually exclusive with all other similar classes in the language."

(Outline of Linguistic Analysis deur B. Bloch en G.L. Trager, p. 40).

Tot hiertoe het ek by die bespreking van die begrippe klank en foneem net gelet vokale en konsonante, soos ons hulle kan onderskei in 'n woord soos kat of emmer of manel. Dit is duidelik dat ons die woord manel kan ontleed in opeenvolgende, in mekaar oorgaande spraakgeluidsegmente [m], [a], [n], [ε], [l] wat elk 'n funksie het. Verder kan die segmente nie onderverdeel word met behoud van funksionele waarde nie. Soms word die vokale en konsonante segmentele foneme genoem. Maar daar is by die uitspraak van 'n woord ook nog ander geluidselemente as net die segmentele foneme te onderskei. Wanneer iemand pragtig! uitroep, het die woord ook nog 'n intonasievorm wat al die segmentele foneme oorkoepel. Vergelyk ons die uitspraak van die woord manel met di  van tafel, dan bemark ons dat behalwe in segmentele foneme die twee woorde ook in nadruksaksent van mekaar verkil. Intonasie, aksent en dergelike dinge het dikwels funksionele waarde, soos te sien is uit die vergelyking van Engelse woordpare soos conduct en conduct, content en content, ens. In dergelike gevalle word soms in die fonologie gepraat van supra-segmentele foneme. Ek hoef op hierdie kwessies hier nie verder in te gaan nie; dit is vir my doel nie ter sake nie omdat:

1. ek my gaan beperk tot die struktuur van die eenlettergrepige woord in Afrikaans;
2. ek nie gaan onderskei tussen die woord as lid van 'n groep en die woord as volledige woordmateriaal van die sin nie;
3. toonhoogte nie in Afrikaans 'n geluidskenmerk is wat op sigself twee woorde na hulle betekenis kan onderskei nie.

Die studie van klanke hoort tot die terrein van die fonetiek, die studie van foneme tot di  van die fonologie. Die fonologie het as uitgangspunt die funksie van die spraakgeluide in die taalgebruik; die fonetiek bestudeer die spraakklanke,

hul artikulasie en akoestiese vorm, sonder om op hul linguistiese funksie te let. Daarby moet gesê word dat daar nie oral 'n skerp skeiding tussen die fonologie en die fonetiek gemaak kan word nie. Die fonologie moet in elk geval gebruik maak van baie gegewens wat die fonetiek beskikbaar gemaak het.

Uit wat hierbo gesê is oor klank en foneem, moet dit duidelik wees dat die beskrywing van die fonologiese struktuur van 'n woord anders sal wees as 'n beskrywing van sy fonetiese bou; die tweede, as dit ook maar enigsniks volledig is, sal baie meer besonderhede bevat as die eerste, maar baie van hierdie besonderhede sal, linguisties gesien, irrelevant wees. Die fonetiek probeer om al die klanke so noukeurig moontlik weer te gee, maar die noukeurigheid hiervan is 'n blote illusie. Hoe naby die weergawe aan die werklike akoestiese klanke kom, hang af van "the accident of the writer's training." (B. Bloch and G.L. Trâger: Outline of linguistic analysis, p. 39). Die skrywer mag heel maklik belangrike klanke op dié manier oor die hoof sien. "A purely phonetic description of the language is still inferior to a description in phonemic terms. It may or may not err in telling us too little: but it is quite certain to err in telling us too much. It ..... complicates the vocabulary..... with a profusion of incidental and irrelevant particulars, significant of nothing but the acuteness of the writer's ear." (B. Bloch and G.L. Trâger: Outline of linguistic analysis, p. 39.). Dit maak dit "impossible to distinguish the really significant features". Die fonologie egter, neem alleen die distinktiwe ("significant") klanke in ag en gee sodoende 'n baie duideliker beeld van die taal, vry van onsaaklikhede. "It is only by discovering the significant features of any utterance, the constants in a mass of variables, that we can lay the foundation for linguistic study." "By organizing the countless details of pronunciation into a small number of distinctive units, the student ..... achieves a better practical command of the language than he could do by any other method." (B. Bloch and G.L. Trâger: Outline of linguistic analysis, p. 39.).

Een van die eerste take van die fonoloog is om vas te

stel watter foneme daar voorkom in die taal wat hy bestudeer, maar daarmee is sy werk ver van afgedaan. Tale verskil van mekaar nie net deurdat verskillende foneme in die verskillende tale voorkom nie, maar ook deur die sg. „posisionele” verskille van die verskillende foneme. Engels en Afrikaans ken bv. albei die foneme [b], [d], en [v]; maar terwyl hulle in albei tale aan die begin van 'n woord kan voorkom, kan hulle in Engels ook aan die woordeinde staan, maar nie in Afrikaans nie. Buitendien verskil tale wat betref die kombinasie van foneme wat hulle toelaat. Afrikaans en Nederlands ken albei die verbindings sl, sm, sn, sp, st aan die woordbegin; maar Afrikaans ken ook nog die verbinding sk, wat in die algemene Nederlands nie bekend is nie, terwyl Nederlands weer die verbinding [sx] het wat in Afrikaans onmoontlik is. Ook wat die toelaatbare kombinasies betref, is daar posisionele verskille binne een taal en van taal tot taal. Die verbinding st is, soos ek al opgemerk het, gewoon in Afrikaans en Nederlands aan die woordbegin, maar terwyl dit in Nederlands ook aan die woordeinde voorkom, tref ons dit in dié posisie in Afrikaans nie aan nie. En dan verder nog, dit kan gebeur dat sekere foneme, of kombinasies van foneme, in die algemeen of in sekere posisies veel meer, of veel minder as ander gebruik word om woorde van mekaar te onderskei; m.a.w. hulle funksionele „belasting” of „rendering” in die taal moet ondersoek word. Wil ons dus 'n behoorlike insig kry in die fonologiese struktuur van 'n taal, is dit nodig om nie net te wete te kom watter foneme in die taal gebruik word nie, maar ook watter posisionele en kombinatoriese reëls in die taal geld, en in hoe 'n mate foneme en foneemkombinasies in sekere posisies gebruik word in vergelyking met andere.

#### Doel en omvang van hierdie studie:

Dis onmoontlik om binne die bestek van 'n M.A. -skripsie en binne die tyd wat daarvoor beskikbaar is, 'n fonologiese beskrywing van Afrikaans in sy geheel te gee. Ek het my daarom daartoe beperk om net 'n ondersoek in te stel na die fonologiese struktuur van die eenlettergrepige woord in Afrikaans. Die rede hiervoor is voor die hand liggend, soos E. Kruisinga in sy

"The Phonetic Structure of English words" aantoon, nl.:

"The reason for treating stems of one syllable ..... is not only because they form the great majority of ..... words, but even more because they are actually used more frequently than most words of two and more syllables, and in studying the phonetic structure of a language it is important to remember that the importance of word types does not depend on their number, but on their frequency in actual speech. The majority of the longer words are in less frequent use, many of them belonging to the vocabulary of written or even literary "Afrikaans". Ek dink daarby ook net aan die woord as leksikale gegewe - nie soos dit kan optree as sin of as deel van die woordinhoud van 'n sin nie. Daardeur word dadelik alle probleme verbonde aan die studie van die sg. supra-segmentele foneme en van sandhi-verskynsels uitgeskakel. Dan beperk ek my verder deur nie woorde in behandeling te neem wat morfologies ontleedbaar is nie, m.a.w. 'n woord soos ooms sluit ek uit my beskouing uit omdat dit kan ontleed word in die sentrale morfeem oom en die perifere (in hierdie geval grammatikale) morfeem - s. Dit is bekend dat grammatikale verskynsels groot invloed uitoefen op die kombinasies van die spraakgeluide. So bestaan die konsonant-verbinding - rkst in Nederlands net aan die woordeinde waar die - st as morfeem vir die oortreffende trap volg op 'n stam wat op - rk uitgaan. Deur die beperking wat ek myself in hierdie studie opgelê het, sal kwessies soos neutralisasie, grenssinjale e.d.m. ook nie ter sprake kom nie.

Wat ek wel in verband met die struktuur van die eenlettergrepige Afrikaanse woorde sal doen, is dit: Ek sal nagaan hoe die eenlettergrepige woord opgebou is - uit een, twee, drie, vier, vyf of meer foneme. Die eenfonemewoorde sal uit die aard van die saak net uit die een of ander vokaal of diftong bestaan. By die woorde van twee of meer foneme sal ons moet let op watter kombinasies voorkom, by. die tipes ab, ba, abb, bba, bab, abbb, bbba, babb, bbab, ens., waar a vir 'n willekeurige vokaal of diftong en b vir 'n willekeurige

konsenant .....

konsonant staan. Ons sal kan sien watter konsonant-kombinasies aan die woordbegin en watter aan die woordeinde in Afrikaans voorkom, en wat hulle frekwensies is. Ook sal ons kan sien watter kombinasies vokale of diftonge en konsonante kan aangaan, en so meer.

Dergelike werk is vir ander tale al meermale gedoen. Die voorbeeld is gestel deur die Tsjeggiese Anglis, V. Mathesius, wat in 1929 'n studie gepubliseer het: „La structure phonologique du lexique du tcheque moderne" (T.C.L.P., I, p. 67-85), en enkele jare later: „Zum Problem der Belastungs- und kombinationsfähigkeit der Phoneme" (T.C.L.P., IV, p. 148 vlgg.). Hy is gevolg deur 'n ander Tsjeggiese Anglis, B. Trnka, van wie in 1935 verskyn het A Phonological Analysis of Present Day Standard English. Afgesien van die werke van Gougenheim oor die Franse fonologie en van Martinet oor die fonologie van die woord in Deens, noem ek nog 'n artikel van Kemp Malone, „The Phonemic Structure of English Monosyllables" in American Speech, 1936, p. 205 vlgg., en die monografie van E. Kruisinga: The Phonetic Structure of English Words (1943), wat vir 'n deel gebaseer is op materiaal deur Trnka versamel in bogenoemde studie. (Kruisinga, 'n fonetikus van die ouer skool, het eintlik min simpatie met die fonologiese rigting van die jongeres, tog is die opset van sy boek vir 'n belangrike gedeelte suiwer fonologies).

Ongelukkig ken ek self met die meeste van bostaande studies net kennis maak deur middel van wat Van Wyk en Troubetskoy in hulle standaardwerke oor die fonologie daaromtrent meedeel - of deurdat die werke nie verkrygbaar is nie, of deurdat hulle in 'n taal (Frans) gestel is wat ek nie meester is nie. Die werk van Kruisinga en veral die artikel van Kemp Malone ken ek met baie vrug vir my werk gebruik. Ook die hoofstuk oor „Die Fonologiese Statistiek" uit Gründzüge der Phonologie deur N.S. Troubetskoy, (1939), waarvan ek 'n vertaling uit Frans bekom het, was vir my tot groot hulp gewees.

#### Die Afrikaanse Foneme:

Op die gebied van die Afrikaanse fonologie is nog

betreklik min gepubliseer, maar aan die hand van 'n artikel deur Dr. Meyer de Villiers in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1949 oor „Die Afrikaanse Foneme” ken ek die foneme wat in Afrikaans voorkom, isoleer. Die volgende vokale en diftonge kom voor, nl.

[i] soos in nies,

[ɛ] soos in nes,

[a] soos in naas,

[ə] soos in nis,

[ø] soos in neus,

[y] soos in muus,

[e] soos in kees,

[ɛ̃] soos in kêns.

[a] soos in kas,

[ɔ] soos in kos,

[u] soos in koes,

[œ] soos in kus,

[o] soos in koos,

[ey] soos in leeu,

[əi] soos in lei,

[ai] soos in laai,

[œy] soos in lou,

[oi] soos in looi,

[ui] soos in loei,

[œy] soos in lui.

Dr. De Villiers onderskei nog twee vokale, nl. die

lang [ɔ̃] en [ɛ̃:] soos in pond en pers (kleur). Volgens hom word tussen die woordpare pont/pond, bont/bant, bort/bord, pers/pers en kersie/kersie (small candle) alleen onderskei deur die verskil kort ɔ̃ - lang ô, kort ɛ̃ - lang ê. Dit is egter twyfelagtig of die kort ɔ̃ en die kort ɛ̃ aparte foneme is. Ek beskou hulle

as .....

as variante van die lang ô en die lang ê, want ek is glad nie so seker dat die onderskeid wat Dr. De Villiers maak wel altyd-geldend is nie.

Die [ɛ̃] kom egter ook as mikrofoneem voor in woorde soos sê, skêr, blêr, maar die funksionele belasting daarvan is gering.

Die [i] en [ĩ] voor r en waar die oorspronklike Nederlandse intervokaliëse g gesinkopeer is, bv. spieël en vlieë, is kombinatoriese variante van dieselfde foneem. Daar bestaan dus net een foneem i met variasies na kort of lank. Die verskil tussen kort en lank hang van die omgewing af en dien nooit tot woordonderskeiding nie. Dieselfde opmerkings geld vir [y] en [u] behalwe in die een geval koeël, waar die lang vokaal wel distinktiëwe betekenis het, tensy die woord as tweeletter-grepig beskou kan word, iets wat onwaarskynlik lyk. Die kort [u] kan tog voorkom voor r in woer-woer en koer-koer. Hierdie afwyking kan egter verklaar word uit die emosionele of onomatopeïse aard van die woorde.

Enigsins van dieselfde aard is die lang ê voor r en waar die intervokaliëse g uitgewis is, bv. skêr, pêrd, êe, sê, lê, (ook die uitroepe hê!, en whê!, maar dit is affektiewe woorde.). Hulle is tog verskillende foneme, maar die funksionele belasting is gering. Die verskil tussen lang en kort ê staan nie op gelyke voet met die voorafgaande gevalle nie, want die verskil word wel fonologies benut om pers (drukkers) en pers (kleur) te onderskei.

Van ô geld wat vir ê gesê is: môre, sôre, sôe, trêe. (Die woordjie gô is 'n uitsondering, wat as leenwoord verklaarbaar is). Die onderskeid tussen [ɔ] en [ɔ̃] tree as mikrofoneem op: bort/bord, pont/pond, volk (arbeiders)/volk (nasie).

Nasalering is meestal 'n variant; enkele kere het die genasaleerde vokale ook fonologiese waarde: grens/grêns, kuns (van Rembrandt)/kuns (slag), maar hierdie onderskeiding staan nie vas in Afrikaans nie. Die verskil tussen genasaleerde en orale e en u kan mikrofoneme genoem word. Ons kan ook die genasaleerde vokale in Afrikaans as kombinatoriese of stilis-

stilistiese variante beskou solank hulle nog nie na ander omgewings versprei het nie.

Dr. De Villiers onderskei die volgende Afrikaanse konsonantfoneme: p, b, t, d, c (tj) k, f, w, s, g, r, l, m, n, ng, j, h, met tsj, dzj en sj as vreemde foneme en gh as vreemde foneem en as variant. 'n Paar spesiale gevalle verdien meer aandag. Die tsj soos in tjap en tjek is 'n vreemde nie-Afrikaanse foneem. Die [c] kan as 'n variant van tsj beskou word in woorde soos tjap en tjek. Die optrede van [c] in verkleinwoorde raak hierdie skripsie nie, omdat ek my beperk het tot eenlettergrepige woorde. Die [g] kom voor net in vreemde woorde soos ghoen, ghries, ghwano, gholf, ens. „In dië gevalle is dit 'n vreemde foneem.“ In eg Afrikaanse woorde kom dit wel in die inlaut voor tussen 'n klinker met hoofklem, plus l of r in dieselfde lettergreep, maar dit is in meerlettergrepige woorde soos berge en morge en val dus buite die bestek van my skripsie. Die [w] soos in twee en kwaad is nie 'n foneem nie, maar wel 'n kombinatoriese variant van [v] en dit is hoofsaaklik 'n dialektiese kenmerk wat alleen in verbinding met k, t, s, d en gh voorkom. Die [ʃ] soos in China en champagne is 'n vreemde foneem, maar tree partykeer op as variant van [x], maar dit word in die Algemeen Beskaaf as onbeskaaf beskou. Die [ʒ] is 'n kombinatoriese variant wat net in meerlettergrepige woorde voor j en tjie voorkom, dus interesseer dit ons nie.

H O O F S T U K 2.WOORDMATERIAAL.

By die samestelling van die materiaal vir hierdie studie het ek in die eerste plek gebruik gemaak van Dr. D.B. Bosman en I.W. v.d. Merwe se Tweetalige Woordeboek (Afrikaans - Engels), Derde Verbeterde Uitgawe van 1946. Uit hierdie werk het ek al die eenlettergrepige woorde, ook die twyfelagtige gevalle wat verderop behandel sal word, aangeteken.

Verskeie probleme het dadelik opgeduik. Baie vreemde materiaal kom voor in die Tweetalige Woordeboek en om 'n suiwer beeld te kry van die fonologiese struktuur van die Afrikaanse eenlettergrepige woorde, was dit allereers nodig om die materiaal te suiwer. Daar was verskeie hulpmiddels, soos Dr. J.H. Terblanche se Nuwe Praktiese Woordeboek, die jongste uitgebreide Afrikaanse woordeboek, Van Dale se Handwoordenboek der Nedl. Taal die Chamber's Twentieth Century Dictionary, die Uitspraakwoordeboek van Afrikaans deur Dr. T.H. le Roux en Dr. P. de V. Pienaar en Afrikaanse Fonetiek deur dieselfde skrywers, om my te help met die suiwering van die materiaal. Dit was egter baie moeilik om in alle gevalle uitsluitel te kry of 'n woord wel opgeneem moes word of nie, en in dié gevalle moes ek op my eie taalgevoel en kennis van Afrikaans staatmaak, waar ek geen ander hulpmiddels kon vind nie. Ek het dus alleen die woorde opgeneem wat volgens my oortuiging suiwer Afrikaanse woorde is, insluitende die sg. kultuurwoorde, vakmansterme en tegniese terme, waar die woorde nie vreemde, onafrikaanse foneemverbindings bevat nie.

Dit kan moontlik aangevoer word dat ek nie alle vreemde woorde uit my materiaal gesuiwer het nie, of dat ek woorde buite beskouing gelaat het wat wel in Afrikaans voorkom. Ter verdediging van my standpunt kan ek alleen sê dat die woorde wat ek buite beskouing gelaat het, vir my persoonlik onafrikaans is, hoewel hulle deel van die woordeskat van sommige lesers mag vorm. Dit mag veral die geval wees met lesers wat Nederlands intiem ken, soos ook die geval was met die opstellers van die Tweetalige Woordeboek; en dit is ongetwyfeld daarom dat daar soveel vreemde woorde (meestal Nederlandse woorde) in die werk voorkom. Jong

kultuurontlenings uit Nederlands vir begrippe waarvoor daar geen algemene Afrikaanse woorde bestaan nie, en wat aanvanklik vir my vreemd voorgekom het, het ek wel ingesluit omdat ek beseft dat my woordeskat van Afrikaans nie allesomvattend is nie, bv. beits, boen, glooi, heug, heul, kaard, ploert, raaf, smeed, soep, steeg, striem, stulp, veen, waad.

In die eerste plek het ek 'n suiwer leksikologiese sifting van die materiaal gemaak. Baie van die eenlettergrepige woorde wat ek uit die Tweetalige Woordeboek opgeteken het, was vir my vreemd. Ek het hulle nagegaan in Dr. J.H. Terblanche se Nuwe Praktiese Woordeboek en gevind dat daar 'n hele aantal woorde was wat in laasgenoemde werk nie voorkom nie, dus het ek hulle buite rekening gelaat.

Die volgende Nedl. woorde uit die Tweetalige Woordeboek kom nie voor in die Nuwe Praktiese Woordeboek nie: alk, bard, beu, bint, bon, bloem, brem, faas, fleem, flik, fruit, geer, geeu, giek, gisp, graai, guit, haag, kneep, keurs, kreng, kreuk, knaks, knoet, knok, kond, kwal, leng, leuk, loens, lork, mof, mops, oef, oof, paaps, pel, pils, plemp, praai, pril, pul, sluik, snaak, sneu, spelt, sprits, stee, steels, stool, stuip, terp, tres, tuil, tuk, vaalt, ven, ves, vleug, werst.

Kleiner groepe vreemde woorde uit Engels, Frans en Hottentots kom ook alleenlik in die Tweetalige Woordeboek voor,

bv. Hottentots: ghlie  
 Frans: clou, voile  
 Engels: bief, slem

Die Engelse woorde is alleenlik die wat direk uit Engels oorgeneem is. Ontlenings uit die ander tale, deur Nederlands, het ek as Nederlandse woorde beskou.

Heelwat woorde kom egter in albei bogenoemde woordeboeke voor wat vir my taalgevoel nie Afrikaans is nie bv. ontlenings uit  
 (a) Nederlands: bark, bent, bet, buil, chef, drop, dot, dug, duf, duig, dweil, faun, fielt, fret, geul, glimp, glos, gluip, gneis, graas, hal, herd, heus, hei, hu, jam, joel, kei, lift, mais, mul, mop, noords, niets, olm, pook, plet, prang, prat, prut, puf, ree, reef, reet, ren, roef, roek, rong, seul, sjok, sjou, skoof, skooi, skrok, slip, slok, smout, snoef, spaa, spaat,

spyt, spru, stag, stelp, stou, struif, swalk, swerk, treil,  
tym, ves, vil, vleet, vlied, vont, waard, weids, wied, wesp,  
wreef, wroet, wuf, wulp.

(b) Frans: air, flair, loep, (loupe), tiep.

Dit is moeilik om vas te stel of dit direkte ontlenings is of ontlenings deur Engels en Nedl. want sover vasgestel kon word, is net 'n paar Franse vrugtename direk ontleen.

(c) Engels: briek, flirt, flied, smok, whist.

Dan was daar ook nog 'n paar woorde van Duitse oorsprong, bv. bres en stols. Hulle het ek ook buite beskouing gelaat. Dit is moontlik dat die Duitse woorde via Nederlands in Afrikaans gekom het.

Oorspronklike Latynse woorde soos glos en faun het ek beskou as ontlenings uit Nederlands aangesien hulle in Van Dale se Handwoordenboek der Nedl. Taal voorkom, en omdat Afrikaans geen direkte ontlenings uit die klassieke tale het sover ek kan vasstel nie. Die woorde het ek ook buite beskouing gelaat.

Ook die paar dialektiese eenlettergrepige woorde soos daai (dankie), gaip, krie, skaai (steel) wat in die Tweetalige Woordeboek voorkom, het ek om voor die hand liggende redes uitgelaat; die vernaamste rede natuurlik is dat my doel is om 'n beeld te gee van die fonologiese struktuur van die Algemeen Beskaafde Afrikaans soos deur die opgevoede middelklasse gepraat.

'n Ander groep eenlettergrepige woorde wat ek ook uit my materiaal gesuiwer het, is die waarin daar vreemde onafrikaanse foneemverbindings voorkom, bv. tsjirp, Tsjeg, ghaap, ghoen, ghoem, gholf, ghong, ghnoe, ghries, ghwar. Hoewel sommige van hierdie ontlenings uit Hottentots en Engels vry algemeen is in Afrikaans, het ek hulle buite bespreking gelaat omdat die [ts] en die [g] nie foneme is wat in suiwer Afrikaanse woorde voorkom nie. Baie vreemde klanke is al deur uitbreiding van die kultuurwoord by die Afrikaanse klankstelsel aangepas. Dink maar aan die Franse eienaam Charl wat Sarel geword het, en die Franse snw. charge wat sarsie geword het in Afrikaans. Die [ts] en die [g] is egter nie so algemeen dat hulle as suiwer Afrikaanse foneme

beskou kan word nie. Die [ʃ] word deur Dr. M. de Villiers in sy artikel „Die Afrikaanse Foneem“ in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1949, p. 90 as „'n vreemde foneem, beperk tot leenwoorde“ beskou en daarom laat ek chef, chic en sjeik ook buite beskouing. Dr. de Villiers se stelling is egter nie algemeen geldend nie, want deur die veelvuldige gebruik van die [ʃ] in shilling, kan dit wel aangevoer word dat die [ʃ] 'n gewone Afrikaanse foneem is, maar aangesien shilling meerlettergrepig is, val dit buite die bestek van hierdie studie; chef, chic en sjeik sou in elk geval uitgeskakel kan word op grond daarvan dat hulle vir die Afrikaanse taalgevoel vreemd voorkom.

In meerlettergrepige woorde, te wete 'n groot groep verkleinwoorde, kom die [c] voor in Afrikaans. In 'n paar eenlettergrepige woorde kom dit as aanvangskonsonant voor; bv. tjap, tjek, tjank, tjilp. Dit kan egter „as ('n) vreemde onafrikaanse foneem beskou word“ (Die Afrikaanse Foneem“ deur Dr. M. de Villiers in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1949, p. 88). Hierdie woorde word ook uitgespreek met die aanvangskonsonantgroep as tsj [tʃ], maar soos opgemerk by Tsjeg en tsjirp, is dit ook nie 'n Afrikaanse foneemverbinding nie. Al die ander woorde in Afrikaans waar die [c] voorkom, is meerlettergrepig en val dus buite die bestek van hierdie skripsie.

Daar is 'n groot groep eenlettergrepige woorde wat hulle meervoudige vorm deur die toevoeging van -s soos a's, ags, beuls, broers, klubs, koks, leus, mans, neefs, ooms, saals, seunskuts, ténks, vorms, e.a., en dan is daar ook nog afleidings van selfstandige naamwoorde, soos Joods, Delfts, Kaaps, Keuls, Moors, dorps, kerks, Brits, slams wat eenlettergrepig is. Hierdie twee groepe woorde is egter buite beskouing gelaat omdat, soos reeds vroeër uiteengesit, ek my gaan bepaal by woorde wat morfologies onontleedbaar is, en hieronder val natuurlik nie die meervoudsvorme en die afleidings van snwe. nie.

Die alledaagse Afrikaanse eiename soos Piet, Klaas, Koos, Jan, Gert, Kaap, wat in die Tweetalige Woordeboek voorkom, is ingesluit, terwyl vreemde eiename soos Jean, Pierre en Jaques weggelaat is.

Kort uitroepe soos a, ai, aai, aits, foei, wê, whê,

gits, ....

gits, klanknaboetsings en suiggeluide of klapklanke soos boem, doef, pst, sjt, sjuit, st, woer, zits, sjet is ook nie opgeneem nie, want dit is moeilik om te sê of hulle woorde in die volle sin van die woord is. "The boundaries between words in the full sense of the term and interjections are not clearly marked. The two are not identical, i.e. interjections show a character of their own" (E. Kruisinga in sy Phonetic Structure of English Words). Dr. M. de Villiers in sy artikel in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns wat reeds hoër op genoem is, sê: "Dit is 'n welbekende feit dat die klanke van tussenwerpsels, klanknaboetsende woorde en woorde met 'n sterk affektiewe waarde nie noodwendig in die fonologiese stelsel van 'n taal pas nie," en haal ook aan uit 'n artikel deur Prof. A.W. de Groot in Lingua 1, 2, p. 205-5: "The pronunciation of interjections shows ..... certain peculiarities." "Expressive words ..... can only have normal phonemes but do not bother with the laws of phonemic combination!"

Die tweede groot probleem wat opgeduik het, was die kwessie van wat as 'n eenlettergrepige woord beskou moes word en wat nie. Ek het die vraagstuk vanuit 'n Fonetiese standpunt benader. Die rede hiervoor is voor die hand liggend, en dit is naamlik dat dit hier gaan om die werklike uitspraak en klank van die woord en nie om die spelling nie. In twyfelagtige gevalle het ek my laat lei deur die Uitspraakwoordeboek van Afrikaans deur Dr. T.H. le Roux en Dr. P. de V. Pienaar, (1945). 'n Ander hulpmiddel was die feit dat die meeste eenlettergrepige woorde in Afrikaans hulle meervoud vorm deur die toevoeging van 'n - e, terwyl die - s in hoofsaak die meervoud vorm van meerlettergrepige woorde waar die aksent nie op die slotlettergreep val nie. As toetssteen was laasgenoemde feit van belang by woorde op l of r plus nasaal, maar die gevalle word verderop behandel.

Woorde waar daar twyfel bestaan omtrent die aantal lettergrepe en/of die aantal foneme, val hoofsaaklik in die volgende groepe:

(a) Woorde waarin 'n oorspronklike Nederlandse intervokalisiese

konsonant in Afrikaans verdwyn het, soos laer, leër, loën, reël, reën, seël, seën, swael, maer, swaer, teël, teuel en voël. In die Uitspraakwoordeboek word al hierdie woorde aangedui as of eenlettergrepig of tweelettergrepig met uitsondering van laer, leër, loën, teël en swael wat volgens die werk alleenlik tweelettergrepig kan wees. Dit is egter sterk te betwyfel of swael tweelettergrepig uitgespreek word en daarom het ek dit beskou as 'n eenlettergrepige woord. 'n Duidelike verskil in uitspraak bestaan tussen teël en teel, leër en leer, en loën en loon. Dit is opmerklik dat die woorde wat nog tweelettergrepig uitgespreek word, minder algemene woorde of jonger kultuurwoorde is. Die ouer woorde wat in algemene gebruik is as volkswoorde, word eenlettergrepig uitgespreek al word daar nog in die spelling aangedui dat 'n oorspronklike Nederlandse intervokalisiese konsonant in die woord verdwyn het. Na my oordeel word reël, reën, seël, seën, maer, swaer, teuel en voël oor die algemeen uitgespreek as [re. l/ re. n/ se. l/ se. n/ ma. r/ swa. r/ t ø l/ fo. l], eenlettergrepig dus. Myns insiens is daar geen verskil in uitspraak tussen maer en maar, swaer en swaar nie.

(b) Woorde wat eindig op l of r plus nasaal, soos film, galm, halm, helm, kalm, salm, skelm, talm, palm, walm, molm; (psalm hoort ook by hierdie groep, maar sal later apart bespreek word) arm, derm, ferm, kerm, norm, skerm, storm, swerm, term, vorm, warm, wurm; kern, toorn, ern(s). Behalwe galm, norm en term (almal kultuurwoorde) vorm al die snwe. in hierdie groep hulle meervoude op - s, wat al dadelik 'n aanduiding van meerlettergrepigheid is. Uit die uitspraak is dit duidelik dat die sonantiese element van die l en r in hierdie gevalle tot 'n swakbestaande [ə] ontwikkel het, met die gevolg dat ons hier met tweelettergrepige woorde te doen het ten spyte van die wyse waarop hulle gespel is. A. Sieberhagen in sy skripsie Meervoudsvorming in Afrikaans (U.K. 1949) bevestig hierdie opvatting: " Snwe. op - lm en -rm (en hieraan kan toegevoeg word - rn) kan eintlik as tweelettergrepig opgeneem word, dus met onbetaande [əm] " (en [ən]). (p. 24). In die Uitspraakwoordeboek .....

Uitspraakwoordeboek word hierdie woorde ook as tweelettergripig aangegee.

(c) Woorde wat eindig op - nds en - nks, soos fonds, ginds, kinds, sinds, links en slinks: Die vraag ontstaan hier of die d, met die klankwaarde [t], en die [k] wel uitgespreek word of nie. Die Uitspraakwoordeboek laat 'n vrye keuse toe by woorde met d, wat dus met die [t] of daarsonder uitgespreek kan word. Dit is egter twyfelagtig of die [t] -klank in die kombinasie [nts] gehoor word in volkswoorde. In baie alledaagse woorde het die [t] in hierdie kombinasie alreeds heeltemal verdwyn, ook uit die spelling, bv. saans uit des avonds en hans - (lam) waar die hans oorspronklik hands was. Vergelyk ook die dialektiese uitspraak [k ɛ s] vir kinds. In al drie hierdie voorbeelde het die [t] verdwyn uit die spelling, waarskynlik as gevolg van die feit dat dit reeds vroeg en oral uit die uitspraak verdwyn het. Dit sal dus veilig wees om aan te neem dat ook fonds, ginds, kinds en sinds sonder die [t] in die slotkonsonantgroep uitgespreek word.

Volgens die Uitspraakwoordeboek is die enigste erkende korrekte uitspraak van links en slinks [lɛŋks] en [slɛŋks]. Dit is egter baie twyfelagtig en, afgaande op my eie uitspraak, beskou ek hulle as bestaande uit vier en vyf foneme, dus [lɛŋs] en [slɛŋs] sonder die [k].

(d) Woorde eindigende op -ns: „Voor 'n nasaal word alle vokale in Afrikaans tot 'n sekere mate genasaleer, dog in baie gevalle kan 'n mens die nasalering nie van die daaropvolgende nasaal met die oor onderskei nie. Verskil word gemaak tussen volkswoorde en kultuurwoorde. Kultuurwoorde ondergaan in die reël geen nasalering nie.” (Afrikaanse Fonetiek deur Dr. T.H. le Roux en Dr. P. de V. Pienaar. p. 324). Die lae en middellae vokale [a], [ɔ] en [ɛ] word konsekwent genasaleer in volkswoorde, bv. aans, dans, gans, kans, hans, lans, saans, wans, flans, Frans, glans, krans, skans, spaans, bons, dons, gons, brons, frons, plons, slons, spons, mens, pens, rens, sens, wens, grens, spens, trens. In kultuurwoorde of woorde wat nie in alledaagse gebruik is nie, word daar nie genasaleer nie, bv. tans, trans,

eens, jeens, weens, lens. Die [ɛ] en [ə] word nie genasaleer nie, en die genasaleerde uitspraak wat voorkom, is gemaak, bv. guns, wins en prins. 'n Uitsondering is egter die volkswoord luns in die verbinding lunsriem, wat wel genasaleer word. Alleen in twee eenlettergrepige woorde wat eindig op -ns, kom daar 'n diftong voor, nl. gryns en skuins. Eersgenoemde word nie genasaleer nie, moontlik omdat dit 'n kultuurwoord is; laasgenoemde, die volkswoord wel. Dit blyk veral duidelik as die woorde met die afleidings grynslag en skuinste vergelyk word.

Dan is daar 'n paar woorde wat weggelaat is, maar wat spesiale aandag verdien, nl. psalm, fjord, nieu, kieu, espen wesp. Die eerste is eenlettergrepig in spelling maar die algemene uitspraak daarvan is drielettergrepig, nl. [pəsələm], dus met sewe foneme. Fjord is 'n alleenstaande leenwoord wat glad nie by die Afrikaanse klankverbinding aanpas nie. Baie Afrikaanse sprekers vind moeilikheid met die uitspraak van die aanvangskonsonantgroep. Die neiging bestaan om dit uit te spreek as sou dit <sup>ses</sup> ~~was~~ foneme hê, met 'n duidelike [ə] -klank tussen die f en die j. Aangesien die geval enig is en dit moontlik later aangepas sal word by die Afrikaanse klanksisteem, laat ek dit voorlopig buite rekening. Dieselfde geld ook vir nieu, kieu, espen, espe, en wesp wat ook alleenstaande kultuurontlenings is sonder enige verband met die Afrikaanse klanksisteem.

Laastens is daar nog die probleem van die onbepaalde lidwoord 'n en die woorde g'n en s'n. Die onbepaalde lidwoord in Afrikaans 'n het ses uitsprake al na gelang van die posisie wat dit het in die sin, nl. [ə / ə̃ / əm / ən / əŋ / h ə]. [ə] is verreweg die gewoonste, (Uitspraakwoordeboek, p. 105.) en daarom is dit die uitspraak wat ek vir hierdie studie aanvaar. Vir s'n dui die Uitspraakwoordeboek alleen een uitspraak aan, [s ə n], dus met drie foneme, en so ook vir g'n, maar hier hang "die slotkonsonant ..... of van die volgende medeklinker," en kan dit [n / ŋ] of [m] wees. Die uitspraak [x ə] kom ook voor, maar ek dink [xən] is die algemeenste, en [xə] is dialekties of affektief, [ɛ'k sal dat xə dun ni].

H O O F S T U K    I I I .GROEPERING VAN MATERIAAL.

Nadat ek die woordmateriaal gesuiwer en al die twyfelagtige gevalle nagegaan het, het ek 'n begin gemaak met die klassifikasie en indeling van die materiaal ten einde dit makliker te maak om die fonologiese struktuur van die woorde vas te stel. Eers het ek 'n voorlopige indeling gemaak van die woorde, altesaam ongeveer 2600, in ses hoofklasse volgens die aantal foneme waaruit elke woord bestaan.

Vir sover ek kan vasstel, is daar geen morfologies onontleedbare eenlettergrepige woorde in Afrikaans wat uit meer as ses foneme bestaan nie. Die ses klasse onderskeidelik is verder verdeel in kategorieë, volgens die manier waarop elke woord fonologies opgebou is, d.w.s. die manier waarop die foneme mekaar opvolg. Hierdie kategorieë is nog verder verdeel in twee groepe elk, nl. (i) en (ii), met die verdeling in die laaste geval tussen woorde met 'n vokaal en woorde met 'n diftong. Die skema waarvolgens die indeling gemaak is, is die volgende:

1. Woorde bestaande uit een foneem:

(a) 'n vokaal.

(b) 'n diftong.

2. Woorde ~~konsonant~~ bestaande uit twee foneme:

(a) (i) vokaal + konsonant

(ii) diftong + konsonant.

(b) (i) konsonant + vokaal.

(ii) konsonant + diftong.

3. Woorde bestaande uit drie foneme:

(a) (i) konsonant + vokaal + konsonant.

(ii) konsonant + diftong + konsonant.

(b) (i) vokaal + twee konsonante.

(ii) diftong + twee konsonante.

(c) (i) twee konsonante + vokaal.

(ii) twee konsonante + diftong.

4. Woorde bestaande uit vier foneme:

- (a) (i) konsonant + vokaal + twee konsonante.
- (ii) konsonant + diftong + twee konsonante.
- (b) (i) twee konsonante + vokaal + konsonant.
- (ii) twee konsonante + diftong + konsonant.
- (c) (i) drie konsonante + vokaal.
- (ii) drie konsonante + diftong.
- (d) (i) vokaal + drie konsonante.
- (ii) diftong + drie konsonante.

5. Woorde bestaande uit vyf foneme:

- (a) (i) konsonant + vokaal + drie konsonante.
- (ii) konsonant + diftong + drie konsonante.
- (b) (i) drie konsonante + vokaal + konsonant.
- (ii) drie konsonante + diftong + konsonant.
- (c) (i) twee konsonante + vokaal + twee konsonante.
- (ii) twee konsonante + diftong + twee konsonante.

6. Woorde bestaande uit ses foneme:

- (a) (i) konsonant + vokaal + vier konsonante.
- (ii) konsonant + diftong + vier konsonante.
- (b) (i) twee konsonante + vokaal + drie konsonante.
- (ii) twee konsonante + diftong + drie konsonante.
- (c) (i) drie konsonante + vokaal + twee konsonante.
- (ii) drie konsonante + diftong + twee konsonante.

Uit hierdie indeling het dit geblyk dat die grootste gros van die eenlettergrepige woorde in Afrikaans bestaan uit drie of vier foneme, terwyl ek geen eenlettergrepige woorde teëgekome het wat uit meer as ses foneme bestaan nie. Ook het ek geen eenlettergrepige woorde in die ses klasse teëgekome wat as volg saamgestel is nie:

- (a) diftong + drie konsonante (4 d ii),
- (b) konsonant + diftong + drie konsonante (5 a ii),
- (c) konsonant + vokaal + vier konsonante (6 a i),
- (d) konsonant + diftong + vier konsonante (6 a ii),
- (e) twee konsonante + diftong + drie konsonante (6 b ii),

(f) drie konsonante + diftong + twee konsonante (6 c ii), terwyl daar maar net een woord voorkom wat saamgestel is uit drie konsonante en 'n vokaal (4 c i), nl. skree, en uit 'n diftong plus twee konsonante (3 b ii), nl. eind - en dié woord kom alleen voor in die uitdrukking eind goed, alles goed.

Eenlettergrepige woorde van drie foneme wat bestaan uit 'n konsonant plus 'n vokaal plus 'n konsonant (3 a i) vorm die grootste enkele klas, ongeveer 760 woorde, terwyl woorde van vier foneme, bestaande uit twee konsonante plus 'n vokaal plus 'n konsonant (4 b i), die tweede grootste klas vorm, nl. ongeveer 525 woorde. Saam vorm hierdie twee klasse ongeveer die helfte van die totale aantal eenlettergrepige woorde wat ek gaan bespreek in hierdie skripsie.

Die aantal monofonemiese woorde, d.i. woorde wat uit òf 'n diftong òf 'n vokaal bestaan, is gering, nl. twee woorde wat uit 'n vokaal bestaan (1 a), die onbepaalde lidwoord 'n [ə], en die beleefde aanspreekvorm u. Dan is daar vier woorde wat alleen uit 'n diftong bestaan, nl. eeu, ooi, ou, ui.

Die enigste twee eenlettergrepige woorde bestaande uit 'n vokaal plus drie konsonante (4 d i) wat voorkom, is arts en erts. Die verbinding twee konsonante plus 'n diftong plus twee konsonante word ook nie dikwels aangetref nie, nl. net drie keer, in die woorde gryns, skuins en sluiks, terwyl die groep woorde bestaande uit twee konsonante plus 'n vokaal plus drie konsonante (6 b i) uit vier woorde bestaan, nl. kwarts, sfinks, skalks, skerts. Sprank, skrams, skraps, straks, splits, stronk is die enigste woorde wat voorkom wat opgebou is uit drie konsonante, 'n vokaal en twee konsonante, (6 c i).

Ander verbindings wat betreklik min voorkom as eenlettergrepige Afrikaanse woorde is:

1. 'n diftong plus 'n konsonant (2 a ii); nege woorde, nl. eik, eis, oait, oud, uil, uit, yk, yl, ys.
2. Konsonant plus diftong plus twee konsonante (4 a ii); ses woorde, nl. beits, Duits, deins, peins, peits, veins.
3. Drie konsonante plus 'n diftong (4 c ii); nege woorde, nl. skreeu, skrei, skroei, skry, spreeu, sprei, sproei, strooi,

4. Konsonant plus vokaal plus drie konsonante ( 5 a i ); agt woorde, nl. Delft, herfs, <sup>Korps</sup> terts, toorts, Turks, voorts, wulps.
5. Drie konsonante plus diftong plus konsonant ( 5 b ii ); Ag woorde, nl. skryf, skryn, spruit, stroois, struik, stryd, stryk, struis.

Dit blyk dus dat die meeste morfologies onontleedbare woorde vry eenvoudig is in hulle fonologiese struktuur, en dat ongeveer ~~45~~<sup>75</sup> persent van hierdie woorde of uit drie of uit vier foneme bestaan. Woorde bestaande uit twee of vyf foneme vorm 'n verdere ~~13~~<sup>13.3</sup> persent ongeveer, terwyl eenfonemige woorde en woorde bestaande uit ses foneme maar 'n baie klein groepie vorm, nl. agtien woorde altesame, of ongeveer 0.7 persent van die totale aantal woorde. *Woorde wat wegelaat is uit die lysie (±280) is die ander 11 persent*

Om sake te vereenvoudig en om 'n duideliker insig te kry in die manier waarop die eenlettergrepige woorde fonologies saamgestel is, d.w.s. watter foneme in verbinding met watter ander foneme voorkom, het ek 'n verdere indeling van my materiaal gemaak na die voorbeeld van die artikel deur Kemp Malone: "The Phonemic structure of English Monosyllables" in American Speech, XI, 1936, p. 205 volg. By die ontleding van die fonologiese struktuur het ek in hoofsaak dieselfde metode gevolg en dieselfde verdelings gemaak as Kemp Malone. Sy metode stem in 'n groot mate ooreen met dié gevolg deur E. Kruisinga in sy boek The Phonetic Structure of English Words. Hierdie twee studies was vir my van baie groot waarde en hulp by die maak van hierdie studie.

Die eenlettergrepige woorde kan onderskei word as monofonemies en meer- of pleiofonemies. Eersgenoemde woorde bestaan uit een foneme en laasgenoemde uit twee of meer foneme. Sekere foneme kan woorde op sigself wees. (Vgl. die eerste klas in die indeling hierbo).

Die foneme van 'n pleiofonemiese woord val in twee klasse: sonante en konsonante. Binne die grense van 'n gegewe pleiofonemiese woord kom sonant en konsonant gewoonlik afwisselend voor. Hierdie afwisseling is reëlmatig in

pleiofonemiese eenlettergrepige woorde en val binne een van die volgende patrone:

1. Sonant + konsonant ( of konsonantgroep).
2. Konsonant (of konsonantgroep) + sonant.
3. Konsonant ( of konsonantgroep ) + sonant + konsonant ( of konsonantgroep).

Dit is die skema waarvolgens Kemp Malone werk. Om sake te vereenvoudig en te vergemaklik, het ek die groepe onderverdeel as volg:

1. Sonant + konsonant ( of konsonantgroep).
  - (a) sonant + een konsonant.
  - (b) sonant + twee konsonante
  - (c) sonant + drie konsonante.
2. Konsonant ( of konsonantgroep ) + sonant.
  - (a) een konsonant + sonant.
  - (b) twee konsonante + sonant.
  - (c) drie konsonante + sonant.
3. Konsonant ( of konsonantgroep ) + sonant + konsonant (of konsonantgroep).
  - (a) een konsonant + sonant + een konsonant.
  - (b) een konsonant + sonant + twee konsonante.
  - (c) een konsonant + sonant + drie konsonante.
  - (d) twee konsonante + sonant + een konsonant.
  - (e) twee konsonante + sonant + twee konsonante.
  - (f) twee konsonante + sonant + drie konsonante.
  - (g) drie konsonante + sonant + een konsonant.
  - (h) drie konsonante + sonant + twee konsonante.

Dit was moontlik om hierdie verdeling te maak, aangesien dit uit die eerste indeling geblyk het dat daar nie konsonantverbindings in Afrikaanse eenlettergrepige woorde voorkom wat uit meer as drie lede bestaan nie, en ook omdat ek daaruit geleer het dat die hoogste aantal foneme in 'n morfologies onontleedbare eenlettergrepige Afrikaanse woord ses is. Al hierdie verbindings kom as eenlettergrepige woorde



3 e, 129 woorde, blank, blind, blink, blits,

bloots, (Vergelyk Bylae D.)

terwyl woorde bestaande uit 'n konsonant + sonant + 'n konsonant

(3a) soos baal, baan, baar, baas, baat, (Vergelyk Bylae E),

die grootste enkele groep uitmaak, nl. 870 woorde, met die

groep bestaande uit twee konsonante + sonant + 'n konsonant

(3d), bv. blaak, blaam, blaar, blaas, blad (Vergelyk Bylae F),

kort op die hakke daarvan met 593 woorde.

Die monofonemiese woorde is 'n baie klein persentasie van die totale aantal eenlettergrepige woorde wat ek opgeneem het in hierdie studie. Daar kom net ses voor, nl. 'n, u, eeu, ooi, ou, ui. (Ek neem aan dat die onbepaalde lidwoord 'n altyd, soos in my eie taal en in die taal van die jonger geslag oor die algemeen, foneties gelyk staan aan die ongeronde neutrale vokaal).

ONTLEDING VAN DIE FONOLOGIESE STRUKTUUR  
VAN DIE AFRIKAANSE EENLETTERGREPIGE WOORDE.

Net vokale en diftonge kan as eenfonemige woorde in Afrikaans gebruik word; daarom is die aantal dergelike woorde wat voorkom, uiters beperk. Daar kom alleen maar ses sulke woorde voor in die materiaal wat ek behandel. Daar bestaan nog 'n paar ander eenfonemige woorde ook, soos die name van sommige letters van die alfabet, bv. a, e, y, asook 'n paar kort uitroepe, maar dié gevalle het ek nie in hierdie studie opgeneem nie om die redes wat ek in die hoofstuk oor die woordmateriaal uiteengesit het.

Daar kom net twee eenfonemige woorde voor wat uit vokale bestaan, nl. die onbepaalde lidwoord 'n [ə], en die beleefde aanspreekvorm u [y]. Die onbepaalde lidwoord word deur sommige mense as tweefonemig beskou, maar afgaande op my eie uitspraak en die uitspraak van die jonger geslag oor die algemeen neem ek dit as bestaande uit een foneem, nl. [ə], en nie [ən] of [hə] nie. Die [ə] en die [y] is dus die enigste twee vokaalfoneme in Afrikaans wat woorde op sigself kan wees.

Behalwe die twee vokale is daar nog vier diftonge wat op hulle eie Afrikaanse woorde vorm, nl. die [eu / oi / oe u / oe y] in die woorde eeu, oai, ou en ui. Al die ander diftonge en vokale kom alleen voor in verbinding met konsonante, behalwe in gevalle van selfnoemgebruik, maar hulle laat ek buite rekening.

Die tweede groep woorde waarvan ek die fonologiese struktuur gaan ontleed, is die eenlettergrepige pleiofonemiese woorde. Hierdie woorde val in drie groot groepe, elk met onderafdelings, en ek sal hulle behandel in die volgorde soos uiteengesit in die vorige hoofstuk.

In die eerste plek is daar die woorde wat bestaan uit 'n sonant plus 'n konsonant of konsonantgroep. Uit die aard van die saak is dit duidelik dat die eerste lid van die woorde in hierdie groep altyd 'n vokaal of 'n diftong moet wees,

terwyl die laaste of konsonantiese gedeelte van die woord uit een of meer (maar nie meer as drie) konsonantfoneme kan bestaan. Al die vokaalfoneme behalwe die [ø] en die [ɛ] kom voor in hierdie groep as aanvangsfoneem en ook al die diftongfoneme, met die uitsondering van die [eu / ai] en die [ui]. Die vokale kan verbind met een, twee, of drie konsonante, maar die diftonge alleen met een of twee.

[i] - Dit kom voor in woorde soos iep, ier, iet, iets. Die [i] verbind met die volgende enkele konsonante: [p/t/r] soos in iep, iet, ier. Dit verbind met die een konsonantpaar [ts], en dit verbind nie met meer as twee konsonante nie. Die [i] verbind nie met die volgende konsonante nie, nl.

[b / d / k / f / v / s / x / l / m / n / ŋ / j / h].

[y] - soos in uur. Die enigste enkele konsonant waarmee die [y] verbind, is die [r], terwyl dit ook met geen konsonantpare of konsonantgroepe verbind nie. Uur, is die enigste woorde wat voorkom.

[e] - Dit kom voor in woorde soos eed, een, eer, eet, eeld, eelt, eend, eers, eens. Dit verbind met die enkele konsonante [t / r / n], soos in eed, eet, eer en een, en met die konsonantpare [lt / nt / rs / ns], soos in eeld, eelt, eend, eers en eens. Die [e] verbind nie met meer as twee konsonante nie. Dit verbind nie met die enkele konsonante [p / b / d / k / f / v / s / x / l / m / ŋ / j / h] nie, en in die konsonantpare waarmee dit verbind, kom [p / b / d / k / f / v / x / m / ŋ / j / h] nie voor nie.

[ɛ] - Eb, eg, ek, el, en, eng, elf, elk, els, end, ent, erd, erf, erg, esp, ets, erts. Die [ɛ] verbind met die enkele konsonante [b / k / s / x / l / n / ŋ] soos in eb, ek, es, eg, el, en, eng, met die konsonantpare [lf / lk / ls / nt / rt / rf / rx / sp / ts] soos in elf, elk, els, end, erd, erf, erg, esp, ets, en met die enkele konsonantgroep [rts]. Dit verbind nie met die enkele konsonante [p / t / d / f / v / r / m / j / h] nie, en in die konsonantgroepe waarmee dit verbind, kom [b / d / v / m / ŋ / j / h] nie voor nie.

Die [a] verbind met die enkele konsonante [b/f/s/x/l].

in ab, af, ag, ag en al. Dit verbind met die konsonantpare [xt / ks / ls / lt / mp / ɣs / rk] in agt, aks, als, alt, amp, angs en ark, en met die enkele konsonantgroep [rts] in arts. Dit verbind nie met die enkele konsonante [p / t / d / k / v / r / m / n / ɣ / j / h] nie, en in die konsonantgroepe waarmee dit verbind, kom [b / d / f / v / n / ɣ / j / h] nie voor nie. Die konsonante [s / x] en [l] verbind met die [a] as enkele konsonante en hulle kom ook voor in die konsonantgroep waarmee [a] verbind.

Die [ɑ] verbind met die enkele konsonante [p / s / r / l / m / n] in aap, aas, aar, aal, aam en aan. Dit verbind met die konsonantpare [nt / rt / rs] in aand, aard, en aars, en met die konsonantgroep [rts] in aarts. Dit verbind nie met die konsonante [b / t / d / k / f / v / x / ɣ / j / h] nie, en in die konsonantgroepe waarmee dit verbind, kom [p / b / d / k / f / v / x / l / m / ɣ / j / h] nie voor nie, terwyl die enigste konsonante wat sowel enkel as in 'n konsonantgroep met die [ɑ] verbind, [s / r / n] is.

Die [ɔ] verbind met die enkele konsonante [p / t / f / s / m] in op, ot, of, os, om. Dit verbind nie met enige konsonantpare of-groepe nie, en ook nie met [b / d / k / v / x / r / l / n / ɣ / j / h] nie.

Die [ɔ̃] soos in ons is 'n variant van die [ɔ] en verbind alleen met die [s].

Die [o] verbind met [p / k / s / x / r / m] in oop, ook, oos, oog, oor en oom, en met die konsonantpaar [nt] in oond. Dit verbind nie met meer as twee konsonante nie, en met [b / t / d / f / v / l / n / ɣ / j / h] verbind dit glad nie.

Die [u] verbind alleen met die [s] en die [r] soos in oes en oer en met geen ander enkele konsonant of konsonantgroep nie.

Die [ɛ] verbind net met die [s] en die [n] in in en is en met die konsonantpaar [ɣk] in ink. Geen ander verbindings is moontlik nie.

Die [ɛi] verbind net met die enkele konsonante [k], [s] en [l] in eik, eis en yl en die konsonantpaar [nt] in eind. Geen

ander verbindings kom voor nie.

Die [œu] verbind net met die een konsonant [t] in oud, en met nie een ander konsonant of konsonantgroep nie.

Die enigste konsonant waarmee die [oi] verbind, is die [t] in oort. Dit verbind met geen konsonantgroepe of -pare nie, en ook met geen ander enkele konsonante nie.

Die [œy] verbind net met die twee konsonante [t] en [l] in uit en uil en met geen ander enkele konsonante of konsonantverbindings nie.

Die derde groot groep woorde wat ek fonologies gaan ontleed, is dié wat bestaan uit 'n konsonant of 'n konsonantgroep en 'n sonant. Die eerste lid van die woorde in hierdie groep bestaan uit een of meer konsonante, maar nie meer as drie nie, en 'n vokaal of 'n diftong. As slotfoneem kom al die vokale in hierdie groep voor, met uitsondering van die [œ] en die [a] en ook al die diftonge. As aanvangsfoneem kom al die konsonante voor behalwe die [ŋ]. Die volgende konsonantpare kom voor, nl. [bl / br / dr / fr / xr / xl / fl / kl / kn / kr / kv / pl / pr / sk / sl / sm / sn / sp / st / sv / tr / tw] in ble, bra, dra, flou, fraai, glo, groeï, kla, <sup>kraai</sup> kraai, kwaai, pla, proe, sku, slee, smee, sneeu, spu, stu, <sup>swaaï</sup> tree, twee, asook die konsonantgroepe [skr / spr / str] in skree, spreeu, strooi. In die konsonantpare en -groepe kom [ŋ / j / h] nie voor nie, terwyl [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n] voorkom as enkele konsonante en as lede van konsonantgroepe. Die [ŋ] kom glad nie voor nie, en die [j] en die [h] kom alleenlik voor as enkele aanvangskonsonante.

Die [i] verbind met die enkele konsonante [b / d / v / l / n] in bie, die, <sup>wie</sup> lie, nie. Dit verbind met die konsonantpare [dr] , [fl] en [kn] in drie, vlie en knie, maar dit verbind met geen konsonantgroepe nie. Dit verbind nie met die konsonante [p / t / k / f / s / x / r / m / ŋ / j / h] nie, en die [d] en die [l] is die enigste twee konsonante waarmee dit verbind sowel as enkele konsonant en as lid van 'n konsonantpaar. Die [p / b / t / v / s / x / m / ŋ / j / h] kom nie voor in die konsonantpare waarmee die [i] verbind nie.

Die [y] verbind alleen met die [r] in ru, en met die konsonantpare [sk / sl / sp / st / tr] in sku, slu, spu, stu en tru en met geen konsonantgroepe nie. In die konsonantpare waarmee dit verbind, kom die [b / d / f / v / x / m / n / ŋ / j / h] nie voor nie, terwyl die [r] die enigste konsonant is wat met die [y] kan verbind of as alleenstaande konsonant of as 'n konsonantpaar saam met die [t] in tru.

Die [e] verbind met [t / f / s / x / m / n / v] in tee, vee, fee, see, gee, mee, <sup>nee</sup>, wee. Dit verbind met die konsonantpare [kl / kn / sl / sm / sn / tr / tv] in klee, knee, slee, snee, snee, tree en twee, en met die enkele konsonantgroep [skr] in skree. Die [e] verbind nie met die enkele konsonante [p / b / d / k / r / l / ŋ / j / h] nie, en in die konsonantpare en -groepe waarmee dit verbind, kom die [p / b / d / f / x / ŋ / j / h] nie voor nie, terwyl die [s] die enigste konsonant is waarmee dit enkel, in 'n konsonantpaar of in 'n konsonantgroep verbind. Die [t / v / s / m / n] is die enigste konsonante waarmee die [e] verbind in 'n konsonantpaar en ook as enkele konsonante.

Die [ø] verbind net met die [k] in die enigszins vreemde woordjie keu, en met geen ander enkele konsonant, konsonantpaar of konsonantgroep nie.

Die [ɛ] verbind net met die enkele konsonante [n] en [d] in die woordjies nè en de en met nie een ander konsonant of konsonantpaar nie.

Die [ɛ̃] verbind met die konsonante [s / l / h] in sê, lê en hê. Dit verbind met geen konsonantpare of -groepe nie, en ook nie met die konsonante [p / b / t / d / k / f / x / r / m / n / ŋ / j] nie.

Die [a] verbind met [p / t / v / r / m / n / j] in pa, ta, wa, ra, ma, na en ja. Dit verbind met die konsonantpare [br / dr / kl / pl / sl / tv / fl / fr] in bra, dra, kla, pla, sla, twa (gras), vla, vra, maar met geen konsonantgroepe nie. Dit verbind nie met [b / d / k / f / s / x / l / ŋ / h] nie, en in die konsonantpare waarmee dit verbind, kom [f / x / m / n / ŋ / j / h] nie voor nie. Die [p / v / r] kan met die

verbind ....

verbind as enkele konsonante en ook as lede van 'n konsonantpaar, bv. pa, wa, ra en pla, twa, vra.

Die enigste woord van hierdie groep waarin die [ɔ] voorkom, is gō, maar dit kan as 'n affektiewe of 'n leenwoord beskou word, en dit kan dus aangeneem word dat die [ɔ] in hierdie groep nie voorkom nie, d.w.s. dat daar geen eenlettergrepige woorde in Afrikaans is wat bestaan uit 'n konsonant gevolg deur 'n sonant, waarin die [ɔ] voorkom nie.

Die [o] verbind net met die [b] en die [s] in bo en so en met geen ander enkele konsonant nie. Dit verbind met die konsonantpare [bl / dr / xl] in blo, dro en glo en nie met enige konsonantgroepe nie. Die [b] is die enigste konsonant wat met die [o] verbind in 'n konsonantpaar sowel as op sigself staande. In die konsonantpare waarmee die [o] verbind, kom [p / t / k / f / v / m / n / ɣ / j / h] nie voor nie.

Die [u] verbind met die enkele konsonante [h / t] in hoe en toe, en nie met enige ander enkele konsonante nie. Dit verbind met die konsonantpare [pl / pr / sp / fr] in plou, proe, spoe en vroe, maar met geen konsonantgroepe nie. Die [b / t / d / k / f / x / m / n / ɣ / j / h] kom nie voor in die konsonantpare waarmee die [u] verbind nie.

Die [ə] verbind net met die [t] en die [s] in die woorde te en se en met geen ander konsonant of konsonantgroep nie.

Die [eu] verbind net met drie enkele konsonante, nl. die [s], [l] en [m] in səu, leeu en meeu. Dit verbind net met een konsonantpaar, die [sn] in eneeu, en met twee konsonantgroepe, [skr] en [spr] in skreeu en spreu. Dit verbind nie met die konsonante [p / b / t / d / k / f / v / x / r / n / ɣ / j / h] nie en in die konsonantpare en -groepe waarmee dit verbind kom [b / t / d / f / v / x / l / m / ɣ / j / h] nie voor nie. Die [s] kom voor as enkele konsonant en in konsonantgroepe wat met die [eu] verbind.

Die [e] verbind met die enkele konsonante [b / d / f / v / s / r / l / m / j / h] in by, dy, vy, wei, sy, ry, lei, my, ly, hy, met die konsonantpare [bl / br / xl / kl / kr / pr / sk/

sn/ sp / fl / fr] in bly, brei, gly, klei, kry, prei, skei, sny, spy, vlei en vry en met die konsonantgroepe [skr], [spr] en [str] in skrei, sprei en stry. Die [ai] verbind nie met die enkele konsonante [p / t / k / x / n / ŋ] nie, en in die konsonantpare en konsonantgroepe waarmee dit verbind, kom [t / d / v / m / ŋ / j / h] nie voor nie. Die [b / f / s / r / l] kan met die [ai] verbind beide as enkele konsonante en as lede van konsonantpare of -groepe.

Die [ai] verbind met [p / b / t / k / v / s / r / l / m / n / h] as enkele konsonante in paai, baai, taai, kaai, waai, saai, raai, laai, maai, naai, haai, en verbind met die konsonantpare [bl / br / dr / fr / kr / kv / sl / sv] in blaai, braai, draai, fraai, kraai, kwaai, slaai, swaai. Dit kombineer met geen konsonantgroepe nie. Die [ai] verbind nie met [d / f / x / ŋ / j] as enkelkonsonante nie, en in die konsonantpare waarmee dit verbind, kom [p / t / x / m / n / ŋ / j / h] nie voor nie. Die [b / k / v / s / r / l] verbind met die [ai] sowel as enkelkonsonante as in konsonantpare.

Die [ou] verbind met die enkelkonsonante [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / n / m / j / h] in pou, bou, tou, dou, kou, vou, wou, sou, gou, rou, lou, mou, nou, jou en hou. Die enigste konsonant waarmee dit nie kombineer nie, is die [ŋ]. Dit kombineer met die konsonantpare [bl / br / fl / xr / kl / kn / sk / sn / tr / fr] in blou, brou, flou, grou, klou, knou, skou, snou, trou en vrou. Dit kombineer nie met konsonantgroepe van meer as twee lede nie, en in die konsonantpare waarmee dit verbind, kom [p / d / v / m / ŋ / j / h] nie voor nie.

Die [oi] kombineer met die enkelkonsonante [t / k / f / s / x / r / l / m / n / h] in tooi, kooi, fooi, sooi, gooi, rooi, looi, mooi, nooi, hooi, terwyl dit met die konsonantpare [xl / pl / pr / fl] verbind in glooi, plooi, prooi, vlooi. Die [oi] kombineer net met een konsonantgroep, nl. [str] in strooi. Dit verbind nie met die enkele konsonante [p / b / d / v / ŋ / j] nie, en in die konsonantgroepe waarmee dit verbind, kom [b / d / k / v / m / n / ŋ / j / h] nie voor nie. Die [t / f / s / x / r / l] kombineer met die [oi] sowel as enkel-

enkelphoneme en as lede van konsonantpare.

Die [ui] verbind met die enkelkonsonante [b / k / r / l] in boei, koei, roei, en loei, terwyl dit met die konsonantpare [bl / xl / xr / kn / sk / sn / tr / st / fl] in bloei, gloei, groei, knoei, skoei, snoei, troei, stoei, vlbei en met die konsonantgroepe [skr] en [spr] in skroei en sproei. Die [ui] verbind nie met die enkelkonsonante [p / t / d / f / v / s / x / m / n / ŋ / j / h] nie, en in die konsonantverbindings waarmee dit kombineer, kom [p / d / v / m / ŋ / j / h] nie voor nie, terwyl [b / k / r / l] die enigste konsonante is wat lede is van 'n konsonantgroep waarmee [ui] verbind, en terselfdertyd ook met [ui] kombineer as enkelkonsonante.

Die [œy] kombineer met die enkelkonsonante [b / d / r / l] in bui, dui, ruï en lui, en met die konsonantpare [kr / sp / tr] in krui, spui en trui. Die konsonante [p / t / k / f / v / s / x / m / n / ŋ / j / h] kom nie voor as enkeleverbindings met [œy] nie. In die konsonantpare wat met [œy] verbind, kom [b / d / f / v / x / l / m / n / ŋ / j / h] nie voor nie, terwyl die [r] die enigste konsonant is wat met die [œy] verbind as enkelkonsonant en as lid van 'n konsonantgroep.

Om die fonologiese struktuur van hierdie woorde volledig na te gaan, sou 'n mens graag ook nog die manier waarop die verskillende konsonantfoneme op mekaar volg, wou nagaan. Op die manier sou 'n mens kan vasstel watter konsonante nie in dieselfde konsonantverbinding aangetref word nie, d.w.s. watter konsonante „mutually exclusive" is. (Kemp Malone: „The Phonemic structure of English Monosyllables" in American Speech, Vol XI, 1936). Net een van hierdie foneme kan voorkom in 'n gegewe groep, maar om dit na te gaan sou te grondig op die saak ingaan vir 'n M.A. - skripsie. Die beperktheid van die tyd laat dit nie toe nie. Die beperkings in die opeenvolging van foneme en die beperkings in die aantal lede van konsonantgroepe, behoort ook verder ondersoek te word, maar dit kan ook nie binne die bestek van hierdie studie gedoen word nie, om dieselfde redes as wat hierbo uiteengesit is.

'n Derde faktor wat ook nie deeglik genoeg nagegaan

kon .....

kon word nie, is die frekwensie van die verskillende foneme in verskillende posisies, bv. die [y] kan net gevolg word deur [t], [s] of [r]. Die frekwensie van [y] voor [t] en [s] is egter gering, terwyl [yr] baie frekvent is.

Die grote gros eenlettergrepige woorde in Afrikaans is saamgestel uit 'n konsonant (of konsonantgroep van nie meer as drie lede nie), plus 'n sonant, plus 'n konsonant (of konsonantgroep van meer as drie lede nie). Uit die aard van die saak is dit duidelik dat die eerste en laaste foneme (of foneemverbindings) in hierdie woorde konsonante moet wees, terwyl die sentrale of sonantiese gedeelte van die woorde of 'n vokaal of 'n diftong moet wees. Ook hier sou dit wenslik wees om vollediger op die fonologiese struktuur van die woorde in te gaan, en die dinge na te gaan wat hoër op by die vorige twee groepe gemeld is, en dus nie herhaling nodig het nie; maar weer is dit hoofsaaklik die tydsfaktor wat my verhoed om dit te doen.

Ten einde die taak om die fonologiese struktuur van hierdie woorde na te gaan, te vergemaklik, het ek hulle ingedeel in agt aparte klasse wat reeds vroeër aangedui is, maar wat ek volledigheidshalwe hier wil herhaal, nl.

- (a) Konsonant + sonant + konsonant.
- (b) Konsonant + sonant + twee konsonante.
- (c) Konsonant + sonant + drie konsonante.
- (d) Twee Konsonante + sonant + konsonant.
- (e) Twee Konsonante + sonant + twee konsonante.
- (f) Twee Konsonante + sonant + drie konsonante.
- (g) Drie Konsonante + sonant + konsonant.
- (h) Drie Konsonante + sonant + twee konsonante.

Die klasse (a), (b) en (c); (d), (e) en (f); en (g) en (h) vorm drie groter eenhede wat saamhang omdat die aanvangsgroepe in elk van die groter eenhede dieselfde is, nl. een, twee, en drieledige konsonantgroepe. Saam vorm hierdie drie eenhede dan weer die groot groep eenlettergrepige woorde wat bestaan uit 'n konsonantiese element, 'n sonantiese element en nog 'n konsonantiese element.

Die reëls en verbindings wat geld vir die vorige

twee .....

twee groepe is ook in 'n groot mate van toepassing op die begin- en eindgroepe van hierdie groep woorde, maar omdat hierdie woorde uit drie elemente i.p.v. twee bestaan, is dit nodig om hulle nader te ondersoek.

(a) Woorde bestaande uit 'n konsonant plus 'n sonant plus 'n konsonant.

Hierdie woorde vorm die grootste enkele groep eenlettergeregte woorde in Afrikaans, nl. 87D woorde. As sonantiese of sentrale element in hierdie woorde kom al die vokaalfoneme voor, en ook al die diftongfoneme met uitsondering van die [eu / ai] en die [ui], nl. [i / y / e / ø / ε / ε / œ / a / a / o / o / u / ə / əi / œu / oi / œy] in kies, nuus, kees, neus, nes, kès, kus, kas, kaas, kos, koos, koes, kis, hys, kous, nooit en huis. As aanvangselement waar die sonantiese element 'n vokaal is, kom al die konsonantfoneme voor met die uitsondering van [ŋ]. Waar die sonantiese element 'n diftong is, kom al die konsonantfoneme ook voor as aanvangselement, behalwe die [ŋ]. As slotelement kom al die konsonantfoneme met uitsondering van [d / v / j] en [h] voor in woorde waar die sonantiese element 'n vokaal is, nl. [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ŋ] in lap, lot, lok, lof, los, bog, dor, dol, dom, ton en ding. Wanneer die sentrale element een van die diftongfoneme is, dan kom [p / t / k / f / s / x / l / m / n] voor as slotelement, bv. suip, tuit, ruik, wyf, <sup>wys</sup>suig, suil, ruim, sein. Die [b / d / v / r / ŋ / j / h] kom nie as slotelemente voor in woorde van hierdie klas waar die sonantiese element 'n diftong is nie. By woorde waar 'n vokaal die sentrale element is, kom [p / t / k / s / r / l / m / n] as aanvangs- en as slotelement van dieselfde woord voor, nl. pap, tot, kaak, ses, raar, lel, mom, en noen. Waar die sonantiese element 'n diftong is, kom net [p / t / k / f / s] in pyp, tyd, kyk, fuij, sous voor beide as aanvangselement en as slotelement in dieselfde woord.

Waar die [i] die sonantiese element is, kom [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / h] as aanvangselement voor in Piet, bied, tiet, diep, kies, vies, wier, sien, gier, riet, lier, mier, nier en hier, terwyl [p / t / k / f / s / x /

r / l / m / n] voorkom as slotfoneem in diep, tiet, siek, lief, nies, lieg, lier, wiel, kiem en tien. Die foneme [ɣ] en [j] kom nie as aanvangsfoneme voor nie, en [b / d / ɣ / j / h] kom nie as slotfoneme voor nie. Alleen die [p], [t] en die [k] kom in dieselfde woord voor as aanvangs en slotelement, nl. piep, tiet, en kiek. Die frekwensie van die aanvangskonsonante [p / t / f / x / r / m / n / h] en van die slotkonsonante [p / f / m] is gering. Die aanvangskonsonante [d / k / l] en die slotkonsonante [t / k / s / r / l] kom die meeste voor.

Wanneer [y] die sonantiese element in die woord is, kom [p / t / d / k / f / s / x / m / n / h] in puur, tuur, duur, kuur, vuur, suur, guur, muur, nuus, huur voor as aanvangselement, terwyl [t / s / r] in nuut, nuus, huur die enigste konsonantfoneme is wat as slotelement kan optree. Die [b / v / r / l / ɣ / j] kom nie voor as aanvangselement saam met die [y] nie, terwyl [p / b / d / k / f / v / x / l / m / n / ɣ / j / h] nie as slotelement kan optree nie. Net die [n] kom meer as eenmaal as aanvangselement voor, terwyl die [r] die enigste slotkonsonant is wat meer as eenmaal gebruik word.

Die [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / h] in peer, beer, teer, deer, keer, veer, weer, seer, gees, Jeep, leer, meer, neer en heer tree op as aanvangselement in woorde waar die sonantiese element 'n [e] is, terwyl [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n] in keep, beet, week, beef, bees, deeg, deer, deel, neem en ween optree as slotelemente. Die [ɣ] en die [j] kom nie voor as aanvangselement by woorde waar [e] die sonantiese element is nie, terwyl [b / d / v / ɣ / j / h] nie as slotelement kan optree nie. Geen konsonantfoneme kan in dieselfde woord beide as aanvangsfoneme en as slotfoneme optree waar [e] die sonantiese element is nie. Die frekwensie van die aanvangskonsonante [p / x / r] en van die slotkonsonante [p / k / m] is beperk. Die aanvangskonsonante [b / t / f / v / l / m / h] en die slotkonsonante [t / s / x / r / l / n] is baie frekvent.

Waar [ø] die sonantiese element is, kom [p / b / t / d / k / s / x / r / l / m / n / j / h] in peul, beuel, teug, deug,  
keur .....

keur, seun, geur, reuk, leuen, meul, neul, jeug en heul voor, terwyl [p / t / k / s / x / r / l / n] in heup, geut, reuk, reus, teug, geur, heul en seun optree as slotelement. Die foneme [f / v / ɣ] kom nie as aanvangsfoneme voor nie, terwyl [b / d / f / v / m / ɣ / j / h] nie as slotfoneme kan optree nie. Geen konsonantfoneem kan in dieselfde woord beide as aanvangsfonem en as slotfonem optree as die [ɸ] die sonantiese element is nie. Die aanvangskonsonante [p / t / k / s / l / m / j] en die slotkonsonante [p / t / n] se frekwensie is laag, terwyl die een van die aanvangskonsonante meer as vier keer voorkom nie. Die slotkonsonante [k / s / x / r / l] kom redelik dikwels voor.

Wanneer die [ɛ] as sonantiese element optree, kom [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / h] in pes, bes, tem, dek, kef, <sup>vet</sup>weg, set, gek, reg, lem, mes, nes en het voor as aanvangskonsonant, terwyl [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ɣ] in rep, bed, wek, tef, ses, weg, ver, wel, tem, hen en meng optree as slotkonsonante. As aanvangskonsonante kan [ɣ] en [j] nie optree nie, en as slotkonsonante nie [b / d / v / j / h] nie. Die [s] en die [l] is die enigste twee konsonante wat beide as aanvangskonsonant en as slotkonsonant in dieselfde woord kan voorkom waar [ɛ] die sonant is, bv. ses en lel. Die [x] is die enigste aanvangskonsonant waarvan die frekwensie baie beperk is. Die ander kom meermale voor. Die slotkonsonante [p / f / ɣ] kom ook nie dikwels voor nie, maar die ander slotkonsonante is taamlik frekvent.

Kes is die enigste woord bestaande uit 'n konsonant, 'n sonant en 'n konsonant waar die sonant die [ɛ] is. Geen ander woorde in hierdie groep met hierdie fonem as sonantiese element kom voor nie.

Waar [œ] die sonantiese element is, kom [p / b / t / d / k / f / s / x / r / l / m / n / j / h] in put, bul, tug, dut, kus, vul, sug, gul, rus, lus, muf, nut, juk, hut voor as aanvangselement, terwyl [v / ɣ] nie voorkom nie. Die [t / k / f / s / x / r / l / m / n] in hut, juk, suf, lus, sug, dur, gul, rum, dun, tree op as slotkonsonante, maar [p / b / d / v / j / h] kom .....

kom nie voor nie. Die [s] in sus is die enigste konsonant wat as aanvangskonsonant en as slotkonsonant kan optree in dieselfde woord in verbinding met die [œ]. As slotelement tree die konsonant [s] die meeste keer op, terwyl [d / k / r / l] ewe dikwels voorkom as aanvangselement. Die frekwensie van die aanvangskonsonante [p / t / f] is gering, maar die ander aanvangselemente is meer volop. Die [f / r / m / n] kom betreklik selde as slotelemente voor, terwyl die frekwensie van die ander slotkonsonante redelik hoog is.

Die [p / b / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / j / h] in pad, bad, dat, kar, vat, wat, sang<sup>gat</sup>, rat, las, mas, nat, jag, hak verbind as aanvangselemente met [a] terwyl [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ŋ] voorkom as slotkonsonante. Die [ŋ] is die enigste konsonant wat nie as 'n aanvangskonsonant saam met [a] voorkom nie, en [b / d / v / j / h] kan nie as slotkonsonant gebruik word nie. Die [k] is die frekwentste aanvangskonsonant, met [d / f / l / p / s / t] kort op die hakke daarvan, terwyl [s / t / k] die konsonante is wat die meeste as slotelement voorkom. Die [p] in pap is die enigste konsonant wat beide as aanvangskonsonant en as slotkonsonant saam met [a] kan optree in dieselfde woord.

Waar [œ] die sonantiese element in die woord is, tree [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / j / h] in paar, baar, taak, daad, kaas, vaak, waar, saag, gaan, raak, laag, maak, naam, jaar, haas op as aanvangselement, terwyl [ŋ] glad nie voorkom nie. Die [f] kom die meeste kere voor as aanvangskonsonant. Die [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n] in raap, maat, waak, gaaf, raas, saag, waar, maal, saam, waan kom voor as slotkonsonante, maar [b / d / v / ŋ / j / h] kan nie gebruik word nie. Die [t / k / s / r / l / n] is almal baie frekvent as slotelement in woorde met [œ]. Die [p / k / r] is die enigste konsonante wat in dieselfde woord kan voorkom as aanvangs- en as slotkonsonant.

Waar [ɔ] die sonantiese gedeelte van die woord is, kom al die konsonante voor as aanvangselement, behalwe [ŋ], nl. [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / j / h] in pot,

bod, tot, dom, kom, fop, wol, sog, gom, rog, lol, mof, nog,  
jok, hom, voor. Die [b / t / d / l] is baie frekwent, terwyl  
 [v] net eenmaal voorkom, nl. in wol. As slotkonsonante tree  
 op [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ŋ] in pop, tot, rok,  
lof, mos, rog, tor, tol, som, son, tong, maar [b / d / v / j / h]  
 kom nie voor nie. Die [p / t / k / s / x / l] is baie frekwent  
 as slotkonsonante. Net [p / t / k / l / m / n] kan in  
 dieselfde woord optree as aanvangskonsonant en as slotkonsonant,  
 nl. pop, tot, kok, lol, mom en non.

Die [ŋ] is die enigste konsonant wat nie as aanvangs-  
 konsonant optree waar [o] die sonantiese element is nie. Al  
 die ander kom voor, nl. [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r /  
 l / m / n / j / h] in pool, boon, toom, dood, koop, voos, woon,  
soos, goor, room, loop, moor, noot, Jood en hoop. Die [p / b /  
 d / k / s / l / h] is taamlik frekwent, terwyl die frekwensie  
 van [t / f / v / x / m / j] gering is, d.w.s. nie meer as drie  
 woorde het enigeen van hierdie konsonante as aanvangselement nie.  
 Die [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n] tree op as slot-  
 konsonante in doop, doot, rook, roof, roos, boog, boor, pool,  
boom, en boon, maar [b / d / v / ŋ / j / h] kom nie voor nie.  
 Al die konsonante wat as slotelement kan optree, is betreklik  
 frekwent. Net die [k / s] kom in dieselfde woord voor as aan-  
 vangs - en as slotkonsonant.

Wanneer [u] optree as sonant, kom [p / b / t / d / k /  
 f / v / s / x / r / l / m / n / h] in poel, boef, toer, doen,  
koel, voel, woel, soen, goed, roet, loer, moer, noem<sup>hoes</sup> voor as  
 aanvangskonsonant. Die [ŋ / j] kom glad nie voor nie. Die  
 frekwensie van [b / d / k / f / s / r / m / h] is taamlik hoog,  
 terwyl [x] net eenmaal voorkom as aanvangskonsonant, nl. in goed.  
 As slotelement tree [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n] in  
roep, toet, hoek, hoef, hoes, moeg, moer, boel, roem, soen op,  
 maar [b / d / v / ŋ / j / h] kom nie voor nie. Die frekwensie  
 van al die konsonante wat as slotelement kan optree, is betrek-  
 lik hoog, behalwe [p] wat net tweemaal voorkom.

Die [ŋ] is die enigste konsonant wat nie as aanvangs-  
 element saam met die [ə] gebruik kan word nie. Die [p / b / t /  
 d / .....

d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / j / h] in pit, bid, kil<sup>hk, dik,</sup>  
vin, win, sing, gif, rif, lip, mik, nis, jig, hik kom almal  
 voor. Die frekwensie van [b / t / m / n / j / h] is gering,  
 maar woorde met die ander konsonante as beginelement is betrek-  
 lik volop. Die [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ɣ] in  
dip, dit, wik, rif, dis, wig, vir, pil, kim, s'n, sing kom voor  
 as slotelement. Die frekwensie van [p / f / r / m / ɣ] is  
 gering, maar die ander kom betreklik dikwels voor. Die [r] en  
 die [m] word net in die twee woorde vir en kim aangetref as  
 slotkonsonant. Die konsonante [b / d / v / j / h] kom glad nie  
 voor as slotelement by woorde met [ə] as sonant nie.

Behalwe die [ɣ] en die [j] kom al die konsonante voor  
 as die aanvangselement in woorde waar die sonantiese element  
 die [ə] is, nl. [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m /  
 n / h] in pyp, byt, tyd, dyk, kyk, fyt, wys, syg, geil, ryg,  
lym, myn, neig en hyg. Die [f / v / r / l] is die konsonante  
 wat die meeste voorkom as aanvangselement. Die [p / t / k / f /  
 s / x / l / m / n] in pyp, wyd, kyk, wyf, wys, ryg, myl, rym, wyr  
 tree op as slotelement. Die [b / d / v / r / ɣ / j / h] kom nie  
 voor nie, terwyl die frekwensie van [p / m] gering is. Die  
 [p / t / k / f / s] kan in dieselfde woord sowel as aanvangs- en  
 as slotelement optree, bv. pyp, tyd, kyk, vyf, seis.

Waar die sonantiese gedeelte van die woord 'n [œy] is,  
 kom [p / b / k / f / v / s / x / m / h] in pous, bout, koud,  
fout, woud, sous, goud, mout, hout voor as aanvangskonsonant.  
 Die [t / d / r / l / n / ɣ / j] kom nie voor nie. Die [p / f /  
 v / x / m / h] kom almal net eenmaal voor, terwyl die frekwensie  
 van [b / k / s] ook maar laag is. Net die [p / t / s / l] in  
koup, koud, kous, boul kan optree as slotkonsonante. Die  
 frekwensie van [t] is redelik hoog, maar [p / l] kom net elk  
 eenmaal voor. Die ander konsonante kan glad nie as slot-  
 element gebruik word nie.

Nooit is die enigste woord in hierdie klas waarin die  
 [ɔi] as sonantiese element optree. Geen ander verbinding kom  
 voor nie.

Wanneer [œy] die sonantiese element is, kom

[p / b / t / d / k / f / v / s / r / l / m / j / h] in puin, buik, tuin, duim, kuit, vuil, wuif, suig, ruig, luim, muil, juis, huis voor as aanvangselement, terwyl [x / n / ŋ] glad nie voorkom nie. Die [v] kom net eenmaal voor, nl. in wuif, en die [j] net tweemaal, nl. in juis en juig. Die ander konsonante is omtrent ewe frekwent. Die [t / k / f / s / x / l / m / n] in tuit, huik, duif, suis, buig, huil, ruim<sup>duin</sup> kom taamlik dikwels as slotelement voor, terwyl p (kuip, suip) en ~~f~~ (~~juis~~, ~~juig~~) net ~~elkeen~~ tweemaal voorkom. Die [b / d / v / r / ɣ / j / h] kom glad nie voor as slotkonsonante na [œy] nie. Die [t / f / s] in tuit, fuif, suis, is die enigste drie konsonante wat in dieselfde woord kan optree as aanvangskonsonant en as slotkonsonant.

(b) Woorde bestaande uit 'n konsonant plus 'n sonant plus twee konsonante:

In die materiaal tot my beskikking kom daar 309 woorde voor wat op hierdie manier saamgestel is. As aanvangselement kom al die konsonantfoneme behalwe die [ŋ] voor. As sonantiese element kan al die vokaalfoneme optree met uitsondering van die [ɛ̃]. Woorde van hierdie patroon met 'n diftong as sonantiese element kom min voor, nl. net ses keer. Die enigste twee diftongfoneme wat in hierdie woorde voorkom as sonantiese element, is die [aɪ] en die [œy]. Die konsonantpare [ps / ts / kt / ks / sk / xt / xs / rp / rt / rk / rf / rs / rx / lp / lt / lk / lf / ls / lx / mp / mf / ms / nt / ns / ɣk / ɣs] tree op as slotelemente in woorde waar die sonantiese element 'n vokaal is. Waar die sonant 'n diftong is, kom net twee konsonantpare as slotelement voor, nl. [ts] en [ns], en as aanvangselement net [p / b / d / f].

Die [p / d / f] is die enigste drie konsonantfoneme wat as aanvangselement kan optree waar [i] die sonantiese element is. Die konsonantgroepe [ts] en [ns] in piets, Diets, viets, diens is die enigste twee wat voorkom as slotelemente by hierdie woorde. Die [ns] kom net eenmaal voor, terwyl woorde met [ts] na [i] ook nie baie voorkom nie.

Die [y] as sonantiese element in 'n woord van hierdie

klas verbind net met een aanvangskonsonant, die [b], en ook net met een konsonantpaar as slotelement, nl. [rt] in buurt. Dit is dan ook die enigste woord met [y] as sonantiese element wat voorkom.

Die [b / t / d / f / v / r / m / j / h] in beeld, teelt, deels, feeks, weens, reent, meent, jeens, heers is die enigste konsonantfoneme wat as aanvangselemente kan optree waar [e] die sonantiese element in die woord is. Die [p / k / s / x / l / n / ŋ] kom glad nie voor nie, terwyl die frekwensie van die foneme wat wel voor kom, gering is. Die [ts / ks / rs / lt / ls / nt / ns] kom voor as slotelemente in reeds, feeks, heers, teelt, deels, meent, weens. Die frekwensie van al hierdie konsonantpare is gering, en nie een kom meer as drie keer voor nie.

Beurs en beurt is die enigste twee woorde wat voorkom met [ø] as sonantiese element. Behalwe die [b] kan geen ander konsonant as aanvangselement gebruik word nie en die [rt / rs] is die enigste konsonantpare wat as slotelemente voorkom.

Wanneer [ɛ] die sonantiese element is, kom [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / m / n / h] in pers, berg, terg, derf, kerf, verf, werp, serp, gerf, regs, merk, nerf, hert voor as aanvangselement, terwyl [l / ŋ / j] nie gebruik kan word nie. As slotelement tree op die konsonantpare [ts / ks / xs / rp / rt, rk / rf / rs / rx / lp / lt / lk / lf / ls / lx / mp / nt / ŋk] in kets, teks, regs, werp, werd, werk, werf, ners, terg, welp, meld, kelk, delf, pels, telg, demp, fent, wenk. Die frekwensie van [b / x / r / n] as aanvangselemente en van [ts / ks / rp / lp / lf / ls / mp / ŋk] as slotelement is gering. Die ander aanvangs - en slotelemente is redelik frekvent.

Die [p / b / t / d / k / f / v / s / x / m / j / h] in puts, buks, turk, duld, kurk, wurk, wurg, sult, gulp, murg, jurk, hurk, kom voor as aanvangskonsonante waar [œ] die sonantiese element is. Die [k / f / v / s / x] kom elkeen net eenmaal as aanvangselement voor, terwyl [r / l / n / ŋ] glad nie voorkom nie. Die slotelemente wat voorkom, is die konsonantpare [ps / ts / ks / rk / rf / rx / lp / lt / lk / ls / nt / ŋk] in hups, puts,  
buks, ....

buks, vrk, turf, murg, hulp, sult, bulk, huls, punt, dunk.

Die frekwensie van [ps / ts / ks / lk / ls / nt / ŋk] is gering, maar die ander konsonantpare kom meermale voor.

Waar [a] die sonantiese element is, kom [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / h] in pant, band, tand, damp, kamp, vangs, wals, salf, galg, raps, langs, mank, hand voor as aanvangselement. Die [n / ŋ / j] kom glad nie voor nie, terwyl die frekwensie van [d / s / x] gering is. Die konsonantpare [ps / ts / kt / ks / sk / rp / rt / rk / rs / lk / lf / ls / lx / mp / nt / ŋk / ŋs] in raps, rats, takt, waks, Bask, harp, part, park, pars, balk, kalf, wals, walg, damp, want, bank, langs tree op as slotelement. Die frekwensie van die konsonantpare [ps / ts / kt / sk / rp / ls / lx / ŋs] is gering, maar die ander pare is meer frekwent.

Die [b / k / l / m / n / j / h] in baard, kaart, laars, maand, naand, jaart, haard is die enigste konsonante wat kan optree as aanvangselemente waar [a] die sonant is. Die [p / t / d / f / v / s / x / r / ŋ] kom nie voor nie, terwyl die frekwensie van die konsonantfoneme wat wel voorkom, gering is. As slotelement kan [xt / rt / rs / lt / nt] in maagd, Maart, laars, naald, naand optree, maar met uitsondering van [rt] is hulle frekwensie maar beperk.

Met uitsondering van die [ŋ] tree al die konsonantfoneme op as aanvangselemente by woorde waar [ɔ] die sonantiese element is, nl. [p / b / t / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / j / h] in pont, bont, tolk, dolk, kolk, volk, wolk, sorg, golf, romp, lomp, mors, nors, jonk, hond. Die frekwensie van [t / d / s / x / r / l / m / n / j / h] is betreklik gering. As slotelement kom die konsonantpare [ts / ks / rp / rt / rf / rs / rx / lk / lf / lx / mp / ms / nt / ns / ŋk] in bots, boks, dorp, word, korf, kors, borg, wolk, wolf, volg, romp, soms, bont, fonds, jonk voor. Die frekwensie van [ks / rp / rf / ns] is betreklik gering terwyl die van die ander konsonantpare hoër is.

Die [p / b / k / f / v / s / l / m / h] in poort, boord, koord, voort, woord, soort, loeds, moord, hoort tree op

as aanvangselement waar [o] die sonantiese element in die woord is. Die frekwensie van al hierdie konsonante as aanvangselement gebruik, is gering, terwyl [t / d / x / r / n / ŋ / j] glad nie voorkom nie. As slotelement kom die konsonantgroepe [ts / rt / rs / ls] voor in loods, soort, koors, poels. Die paar [rt] is verreweg die frekwentste. Die ander pare kom elkeen maar net eenmaal voor.

Wanneer [u] die sonantiese element is, tree [p / t / k / f] in peets, toets, koets, voert op as aanvangselement. Nie een van die ander konsonantfoneme kan as aanvangselement saam met [u] optree nie. Die [ts / rt / rs] in toets, voert, koers kom voor as slotelemente. Die drie pare is omtrent ewe frekwent maar die aantal woorde met [u] wat op hierdie manier saamgestel is, is beperk.

Al die konsonantfoneme met uitsondering van die [t / ŋ / j] kom voor as aanvangselement in woorde waar die sonantiese element die [ə] is, nl. [p / b / d / k / f / v / s / x / r / l / m / n / h] in pint, bint, dink, kind, vind, wind, sinds, ginds, rits, links, mits, niks, hings. As slotelement kom voor die konsonantpare [ps / ts / ks / rt / lt / lx / mf / nt / ns / ŋk / ŋs] in gips, rits, niks, mirt, wild, wilg, nimf, wind, wins, dink, links. Die frekwensie van [ps / rt / lx / mf] is gering, terwyl die ander pare meermale voorkom.

Beits, deins, peins, peits, en veins is die enigste woorde in hierdie groep waar die [ɛi] die sonantiese element is. Die [ɛi] verbind dus met [p / b / d / f] as aanvangskonsonante en met geen ander nie, terwyl dit ook net met die [ts / ns] as slotelement kan verbind.

Die enigste ander woord in hierdie groep met 'n diftong [œy], as sonantiese element is Duits. Aangesien dit 'n alleenstaande voorbeeld is, het dit geen verdere ontleding of verduideliking nodig nie, want klaarblyklik is dit die enigste samestelling wat moontlik is.

(c) Woorde bestaande uit 'n konsonant, 'n sonant en drie konsonante:

Die aantal morfologies ontleedbare eenlettergrepige

woorde wat op hierdie manier saamgestel is, is uiters beperk in aantal. In my materiaal kom daar maar net agt van hierdie woorde voor, nl. Delft, herfs, korps, terts, toorts, Turks, voorts en wulps. As sonantiese element kom net die vokaalfoneme [ɛ / œ / ɔ / o] voor, en nie een van die diftongfoneme nie.

As aanvangselement saam met die [ɛ] as sonantiese element, tree [t / d / h] op. Geen ander aanvangselement kom voor nie. Die slotelemente na [ɛ] is die konsonantgroepe [lft / rfs / rts].

Die aanvangselemente by woorde waar [œ] die sonant is, is die [t / v], en die slotelemente die konsonantgroepe [rks] en [lps] in Turks en wulps. Dit is die enigste twee woorde wat voorkom in hierdie groep met [œ] as sonantiese element.

Daar kom net een woord voor met [ɔ] as sonantiese element, nl. korps. As aanvangselement tree die [k] op en as slotelement die konsonantpaar [rps]. Geen ander verbinding skyn moontlik te wees nie.

Toorts en voorts is die enigste woorde waar die [o] optree as sonant. Die aanvangselemente is die [t] en die [f], terwyl die slotelement in albei gevalle die konsonantgroep [rts] is.

(d) Woorde bestaande uit twee konsonante plus 'n sonant plus 'n konsonant:

Woorde wat volgens hierdie patroon opgebou is, vorm die tweede grootste groep morfologies onontleedbare eenlettergripige woorde in Afrikaans. Dit sou baie wenslik wees om hier sorgvuldiger na te gaan hoe die aanvangselement wat uit twee konsonante bestaan, saamgestel is. Dit sou egter hierdie skripsie te lywig maak, en daarom sal ek hier, net soos by die vorige groepe, weer net nagaan watter konsonantgroepe as aanvangselement, watter sonante as sentrale element en watter konsonante as slotelement gebruik kan word.

Al die vokaalfoneme kan gebruik word as sonantiese element en ook al die diftongfoneme behalwe die [ey / oi / oi / ui] wat glad nie voorkom nie. Die konsonantpare wat

gebruik word as aanvangselement, is die [pr / pl / br / bl / tv / ts / tr / dv / dr / kv / kr / kl / kn / fr / fl / vr / sp / st / sk / sf / sv / sl / sm / sn / xr / xl]. Geen ander pare kom voor nie. As slotelement kan optree die enkele konsonante [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ŋ]. Die konsonante [b / d / v / j / h] kom nie voor nie.

In woorde waar die [i] optree as sonant, kom die konsonantpare [pr / br / kr / kl / kn / fr / fl / sp / st / sk / sv / xr] in priem, brief, kriek, kliek, kniel, vries, vlieg, speer, stier, skiet, swier, grief voor as aanvangselement. Die [kl / fl / xr] is die frekwentste van hierdie pare. Die [p / t / k / f / s / x / r / l / m] in griep, griet, kriek, grief, bries, vlieg, klier, kniel, priem kom voor as slotelemente. Die [p / x / l / m] se frekwensie is laag terwyl [b / d / v / n / ŋ / j / h] glad nie voorkom nie.

Die konsonantpare [br / sp / st / sk] in bruut, spuug, stuur, skuur tree op as aanvangselement in woorde waar die [y] die sonant is. As slotelement kom die foneme [t / x / r] voor. Die [r] is die algemeenste, en behalwe hierdie drie kan geen ander konsonant as slotelement optree nie.

Wanneer die [e] die sonantiese element is, kom die konsonantpare [pr / pl / br / bl / dv / dr / kv / kr / kl / fr / vr / sp / st / sk / sf / sv / sl / sm / xr] in preek, pleeg, breek, bleek, dweep, dreef, kweel, kreet, kneed, vreet, <sup>wreed,</sup> speel, steel, skeel, sfeer, sweer, sleep, smeek, greep, voor as aanvangselemente. Die frekwensie van [pr / pl / bl / dv / dr / fl / sf / sl / xr] is egter maar gering. Die [sp / st / sk / sv] is die konsonantpare wat die meeste voorkom. As slotelement tree op die konsonante [p / t / k / s / x / r / l / m / n] in dweep, sweet, preek, vrees, steeg, skeer, skeel, sweem, speen. Die frekwensie van [p / s / x / m] is gering terwyl [b / d / v / ŋ / j / h] glad nie as slotelement in hierdie woorde kan optree nie.

Net die konsonantpare [br / tr / dr / kr / kl / kn / fl / sp / st / sk / sl / sm / xl] in breuk, treur, dreun, kreun, kleur, kneus, fleur, speur, steur, skeur, sleur, smeul, gleuf kan optree as aanvangselemente in woorde waar [ø] die sonantiese

element is. Behalwe die [st / sk] is die frekwensie van al hierdie konsonantpare gering. Die slotelemente wat voorkom, is die [t / k / f / s / r / l / n] in skeut, breuk, gleuf, kneus, skeur, smeul, dreun. Met uitsondering van [r] is die frekwensie van hierdie konsonante as slotelemente na [ø] gering, terwyl [b / d / v / x / m / ŋ / j / h] glad nie voorkom nie.

Waar die sonantiese element 'n [ɛ] is, kom die konsonantpare [pr / pl / br / bl / tr / dr / kv / kl / kn / fr / fl / sp / st / sv / sl / sm / sn / xr] in pret, plek, bres, bles, trek, drek, kwes, klep, knel, vrek, vlek, spek, ster, skel, swel, sleg, smet, snel, grens voor as aanvangselement. Behalwe die [fl / sp / st / tr] is die frekwensie van hierdie aanvangselemente gering. As slotelement kan die konsonante [p / t / k / f / s / x / r / l / m / ŋ] in klep, pret, plek, tref, bles, kneg, ster, stel, stem, pleng voorkom. Die frekwensie van [p / f / r / ŋ] is gering, terwyl [b / d / v / n / j / h] nie voorkom nie.

Blêr en skêr is die enigste twee woorde in hierdie groep waar die [ɛ] as sonantiese element optree. Aangesien daar net die twee voorbeelde is en ander kombinasies skynbaar onmoontlik is, verklaar die voorbeelde hulleself.

Die konsonantpare [pr / pl / br / bl / dr / kr / kl / fr / fl / sp / st / sk / sl / sn] in prul, pluk, brug, bluf, druk, krul, klug, vrug, vlug, spul, stug, skut, sluk, snuf tree op as aanvangselemente waar [œ] die sonant is. Net die [st / sk] kom redelik dikwels voor, maar die frekwensie van die ander konsonantpare is gering. As slotelement kom die konsonante [p / t / k / f / s / x / l] in drup, stut, stuk, snuf, blus, brug, brul voor. Die frekwensie van [t / f / l] is gering en [b / d / v / r / m / n / ŋ / j / h] kom glad nie voor nie.

Waar [a] die sonantiese element in die woord is, kom die konsonantpare [pr / pl / br / bl / tv / ts / dv / dr / kv / kr / kl / kn / fr / fl / vr / sp / st / sk / sv / sl / sm / sn / xr / xl] in prag, plat, brak, blas, twak, trap, dwang, drang, kwas, krag, klas, knal, vrat, vlok, wrang, span, stang, skag, swak, slag, smag, snap, grap, glad voor as aanvangselement. ....

element. Van hierdie konsonantpare is die frekwensie van [pr / br / tv / dv / kv / fl / vr / sn] gering. Die konsonante [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ŋ] in stap, plat, knak, staf, glas, vrag, spar, stal, stam, plan, stang kan as slotelement gebruik word. Die [b / d / v / j / h] kom nie voor nie, terwyl die frekwensie van [r / l / n] gering is.

Die konsonantpare wat as aanvangselement saam met [a] as sonantiese element kan optree, is grotendeels dieselfde as die wat saam met [a] optree, nl. die [pr / pl / br / bl / ts / tr / dv / dr / kv / kr / kl / kn / fr / fl / vr / sp / st / sk / sv / sl / sm / sn / xr] in praat, plaag, braam, blaas, tsaar, traag, dwaal, draak, kwaad, kraak, klaar, knaag, vraag, vlaag, wraak, spar, staan, skaam, swaar, slaan, smaak, snaar, graag. Hierdie konsonantpare kom vry dikwels voor, behalwe die [ts / dv / kn / fr / fl / vr / sp / sn] waarvan die frekwensie gering is. Die konsonante wat as slotelement kan optree is die [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n] in slaap, praat, kraak, slaaf, dwaas, plaag, klaar, skaal, skaam, slaan. Die [b / d / v / ŋ / j / h] kom nie voor nie, terwyl die frekwensie van [s] en [m] gering is.

Waar die [ɔ] die sonantiese element in die woord is, kom die konsonantpare [pr / pl / br / bl / tr / dr / kr / kl / kn / fr / fl / vr / sp / st / sk / sl / sn / xr] in prop, plof, brok, blok, trop, tsak, drom, krom, klong, knol, vrot, vlot, wrok, spog, stop, skop, slot, snor, grot voor as aanvangselement. Die frekwensie van [pr / pl / dr / vr / sn] is gering, maar die ander konsonantpare kom meer dikwels voor. As slotelement tree op die konsonante [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n / ŋ] in trop, slot, blok, plof, bros, trog, snor, knol, krom, bron, klong. Die konsonante [b / d / v / j / h] kom nie voor nie, terwyl die frekwensie van [x / r / l / n / ŋ] gering is.

Die konsonantpare [br / bl / tr / dr / kr / kl / kn / fr / fl / sp / st / sk / sl / sn / xr / xl] in brood, bloos, troos, droog, kroos, kloof, knoop, vroom, vloot, spoor, stoot, skoot, sloot, snoed, groot, gloor tree op as aanvangselement waar die [o] die sonantiese element is. Die frekwensie van

[kn / fr / fl / sm / sn / xr / xl] is egter maar gering. As slotelement kom [p / t / k / f / s / x / r / l / m / n] in sloop, sloot, spook, stoof, kroos, droog, smoor, skool, stoom, skoon voor. Terwyl [b / d / v / ɣ / j / h] nie gebruik kan word nie, is die frekwensie van [p / k / x / l] gering.

Wanneer die [u] die sonantiese element is, tree die konsonantpare [pr / pl / br / bl / tr / dr / kr / kl / kn / fr / fl / sp / st / sk / sv / sl / sm / sn / xr / xl] in proes, ploeg, broek, bloed, troef, droef, kroeg, kloek, knoes, vroeg, vloed, spoed, stoet, skoer, swoeg, sloop, smoel, snoet, groet, gloed op as aanvangselement, maar die frekwensie van [pl / kl / kn / sk / sm / xl] is gering. As slotelement tree op die konsonante [p / t / k / f / s / x / r / l / n] in snoep, snoet, snoek, proef, proes, vroeg, snoer, smoel, skoer, terwyl [b / d / v / m / ɣ / j / h] nie voorkom nie. Die frekwensie van [n] is ook gering.

Die konsonantpare [pr / pl / br / bl / tv / tr / dr / kv / kr / kl / kn / fr / vr / sp / st / sk / sv / sl / sm / sn / xr / xl] in prik, plig, brik, blik, twis, tril, dril, kwik, krip, klip, knik, fris, wring, spit, stil, skil, swik, slim, smid, snit, grip, glip tree op as aanvangselemente, <sup>waar [ɔ] die sonant is.</sup> Die frekwensie van [pl / bl / tv / tr / kv / fr / sm] is gering. As slotelemente tree op die konsonante [p / t / k / f / s / x / l / m / n / ɣ] in krip, spit, prik, drif, fris, plig, stil, klim, spin, bring. Die frekwensie van [s / n] is gering, terwyl [b / d / v / r / j / h] glad nie voorkom nie.

In woorde van hierdie klas waar die [ɔj] die sonantiese element is, kom die konsonantpare [pr / pl / br / bl / tv / tr / dr / kv / kr / kl / kn / fr / fl / sp / st / sk / sv / sl / sm / xr] in pryk, plein, brein, blyk, twyg, trein, dryf, kwyn, kryt, klein, knyp, vryg, vlyt, spyt, styf, skyf, swyg, slyk, smyt, gryp voor as aanvangselemente. Die frekwensie van [br / tr / kl / kn / fr / sm] is egter gering. As slotelement tree op die konsonantfoneme [p / t / k / f / s / x / l / m / n] in knyp, spyt, blyk, dryf, prys, dreig, kwyl, slym, kwyn. Die [b / d / v / r / ɣ / j / h] kan nie as slotelement gebruik

word nie, terwyl die frekwensie van [p / k / l] gering is.

Die enigste ~~tree~~ konsonantpare wat as aanvangs-element kan optree in woorde waar [œy] die sonantiese element is, is die [fl / st / sk / sm] in flous, stout, skout, smous en die frekwensie van hierdie vier konsonantpare is ook maar gering. As slotelement kan net die twee konsonante [t] en [s] gebruik word en nie een ander nie. Omdat die aantal woorde van hierdie patroon wat [œy] as sonantiese element bevat beperk is, is die frekwensie van hierdie slotkonsonante ook gering.

In woorde waar [œy] die sonantiese element is, kom die konsonantpare [pr / pl / br / dr / kr / kl / fl / sp / st / sk / sl / sn / xr] in pruim, pluim, bruid, druip, kruip, kluit, fluit, spuit, stuit, skuit, sluit, snuit, gruis voor as aanvangselement. Die frekwensie van [pl / fl / sp / st / sn / xr] is beperk, maar die ander pare kom meermale voor. As slotkonsonante tree op die [p / t / k / f / s / l / m / n] in druip, fluit, kruik, snuif, sluis, druil, skuim, bruin. Die frekwensie van [p / k / l / n] is gering, terwyl [b / d / v / x / r / ɣ / j / h] glad nie voorkom nie.

(e) Woorde bestaande uit twee konsonante, 'n sonant en twee konsonante:

Die aantal woorde wat volgens hierdie patroon opgebou is, is beperk in aantal en gevolglik is die frekwensie van die konsonantpare en die sonante wat voorkom ook nie hoog nie. As aanvangselement kom die konsonantpare [pr / pl / br / bl / tv / tr / dv / dr / kv / kr / kl / kn / fr / fl / sp / st / sk / sv / sl / sm / sn / xr / xl] voor, terwyl die konsonantpare [ps / ts / ks / st / sk / xs / rp / rt / rk / rf / rs / rx / lp / lt / lf / lk / lx / mp / mt / ms / nt / ɣk] as slot-elemente optree. Al die vokaalfoneme behalwe die [ɛ] kom voor as sonantiese element, en ook die twee diftongfoneme [aj] en [œy]. Nie een van die ander diftongfoneme kan as sonant in woorde van hierdie groep gebruik word nie. Daar kom net twee woorde voor met diftonge as die sonantiese

element .....

element, nl. gryns en skuins.

Grieks en vriend is die enigste woord wat voorkom met [i] as die sonantiese element. Geen ander verbindings is skynbaar moontlik nie. As aanvangselemente tree die konsonantpare [xr / fr] op en as slotelemente die konsonantpare [ks / nt].

Die enigste twee woorde waar [y] as die sonantiese element optree, is bruusk en stuurs. Die enigste twee moontlike aanvangskonsonantpare is dus die [br / st] en die enigste twee moontlike slotelemente die [sk / rs].

Waar [e] die sonantiese element is, kom die konsonantpare [fr / st / sv] in vreemd, steeds, Sweeds voor as aanvangselemente. Die [st] is die enigste wat meer as eenmaal voorkom. As slotelement tree die konsonantpare [ts / ks / mt] in steeds, steeks, vreemd op. Die [ts] is al konsonantpaar wat meer as eenmaal voorkom.

Preuts is die enigste woord wat voorkom met [ø] as die sonantiese element. Die voorbeeld is selfverduidelikend aangesien dit skynbaar die enigste kombinasie is wat moontlik is.

Die konsonantpare [pr / pl / dv / dr / kv / kr / kl / kn / fl / sp / st / sk / sv / sl / sm / sn] in prent, pleks, dwerg, drenk, kwets, krenk, klets, kniers, vlerk, speld, stelt, skets, swenk, slemp, smelt, snert tree op as aanvangselemente waar [ɛ] die sonantiese element is. Net die [kl / fl / st / sk / sv / sl / sn] kom meer as eenmaal voor. Die [ts / xs / rp / rt / rk / rf / rs / rx / lt / lx / mp / nt / gk] in klets, slegs, skerp, stert, sterk, sterf, kniers, dwerg, speld, swelg, slemp, prent, krenk kom voor as slotelemente. Die frekwensie van [ks / xs / rx / lx / mp] is egter baie beperk.

Wanneer die [œ] die sonantiese element is, kan die konsonantpare [tr / kl / fl / st / sk / sl] in trust, kluts, fluks, stulp, skulp, slurp optree as aanvangselemente. Net die [sk] kom meer as eenmaal voor. As slotelement kom die konsonantpare [ts / ks / st / rp / rk / rf / lp / lt] in kluts, fluks, trust, slurp, skurk, skurf, stulp, skuld voor. Die

enigste...

enigste konsonantpaar wat meer as eenmaal voorkom, is die [lp].

Die [pl / br / bl / tr / dv / dr / kv / kr / kl / kn / fr / fl / sp / st / sv / sl / sm / sn] in plant, brand, blank, trant, dwars, drank, kwart, krank, klant, knars, frank, flank, spalk, stark, swart, slank, smart, snaps tree op as aanvangselemente in woorde waar die [a] die sonantiese element is.

Net [pl / kr / kl / fr / fl / st / sn] kom meer as eenmaal elk voor. As slotelement kom die konsonantpare [ps / ts / xs / rt / rs / lk / mp / nt / ŋk] in snaps, frats, snags, smart, dwars, spalk, stamp, plant, splank voor. Die [nt] en die [ŋk] is baie frekwent, terwyl [ps / ts / xs / lk] net eenmaal elk voorkom.

Waar die sonantiese element in [ɑ] is, tree [tv / fl / sp / sk / sv / sl / sn] in twalf, Vlaams, Spaans, skaats, swaard, slaags, snaaks op /aanvangselement. Net die [sk] kom meer as eenmaal voor. As slotelemente kan die [ts / ks / xs / rt / rs / lf / ms / ns] in skaats, snaaks, slaags, swaard, skaars, twalf, Vlaams, Spaans, optree. Nie een van hierdie konsonantgroepe is egter baie frekwent nie.

Die konsonantpare [pr / tr / dr / kl / fr / sp / st / sk / sn / xr] in pront, tronk, dronk, klont, front, sport, stort, skort, snork, grond tree op as aanvangselemente waar die [ɔ] die sonantiese element in die woord is. Die [dr / fr / sp / sn] kom net eenmaal elk voor, terwyl die [st] die frekwentste is van die pare wat voorkom. As slotelement kan die [ts / rt / rk / rs / mp / nt / ŋk] in klots, stort, snork, skors, stomp, front, dronk gebruik word. Die [ts / rt / mp / nt / ŋk] is die frekwentste, terwyl [rk / rs] net eenmaal elk voorkom.

Groots en bloots is die enigste twee woorde in hierdie groep waar die [o] as sonantiese element voorkom. Die [bl / xr] is dus die enigste moontlike twee aanvangselemente en [ts] die enigste moontlike slotelement.

Die [u] kom net in twee woorde voor as sonantiese element, nl. ploert en floers. Die konsonantpare wat as aanvangselemente optree, is dus die [pl] en die [fl] en die slotelemente is die [rt] en die [rs].

Wanneer [ə] die sonantiese element is, tree [bl / tr / dr / kv / kr / kl / fl / sp / st / sk / xr / xl] in blits, trits, drink, kwint, krink, klink, flink, spits, stink, skink, grint, glips op as aanvangselemente. Die [bl / fl / sk] is die frekwentste aanvangselemente. As slotelemente kom die konsonantpare [ps / ts / lt / mp / nt / ŋk / ɟs] in glips, blits, skild, skimp, grint, blink, slinks voor. Die [ts / nt / ŋk] is taamlik frekwent, terwyl [ps / lt / mp / ɟs] elk net een- of tweemaal voorkom.

Net twee diftongfoneme kan as sonantiese element in woorde van hierdie groep gebruik word, nl. die [əi] en die [œy] in gryns en skuins. Dit is dan ook die enigste twee woorde wat voorkom, dus spreek die voorbeelde vir hulleself.

(f) Woorde bestaande uit twee konsonante, 'n sonant en drie konsonante:

Die aantal woorde wat op hierdie manier saamgestel is, is uiters beperk; daar kom maar net vier sulke woorde voor. As sonantiese element kom die vokaalfoneme [i / ε / a] voor. Geen diftongfoneem kan as sonant optree nie.

Die [sf] word as aanvangselement saam met die [i] gebruik en die [ŋks] as slotelement, bv. sfinks.

Waar [ε] die sonantiese element is, kom [sk] as aanvangselement voor en [rts] as slotelement, bv. skerts.

Die [kv / sk] tree op as aanvangselemente waar die [a] die sonantiese element is, en die [rts / lks] as slot-element, bv. kwarts en skalks.

(g) Woorde bestaande uit drie konsonante, 'n sonant en 'n konsonant:

Daar kom 53 woorde voor wat op hierdie manier saamgestel is. As sonantiese element kan al die vokaalfoneme met uitsondering van die [y / ε] optree, en ook die drie diftongfoneme [əi / oi / œy]. Die vier konsonantgroepe [spr / spl / str / skr] is die enigste aanvangselemente wat voorkom, terwyl die enkele konsonante [p / t / k / f / l / m / ŋ] as slotelement optree wanneer die sonantiese element 'n vokaal is. Wanneer die sonant 'n diftong is, vorm die [t / k / f / s / n] die slot-element.

Die [spr / str / skr] in spriet, striem, skriël is die enigste konsonantgroepe wat as aanvangselement kan optree waar [i] die sonantiese element is, en selfs hulle frekwensie is uiters beperk. As slotelement kom net die [t / l / m] voor. Ook hulle frekwensie is beperk tot bogenoemde drie voorbeelde.

Waar die sonantiese element die [e] is, kom die konsonantgroepe [spr / spl / str] in spreek, spleet, streek voor as aanvangselement. Die [spr / spl] kom egter net in een voorbeeld elk voor. Die slotelemente wat gebruik kan word, is die [p / t / k / f / l] in streep, spleet, spreek, streef, streel. Net die [k] kom meer as een keer voor.

Daar kom net een woord voor met die [ø] as sonantiese element, nl. spreuk. Geen ander verbinding is dus blykbaar moontlik nie.

Strek, strem, streng is die enigste drie voorbeelde in hierdie groep wat die [ɛ] as sonantiese element het. In al drie gevalle is die konsonantgroep [str] die aanvangselement. As slotelement kom die konsonante [k / m / ŋ] voor.

Skrum is die enigste woord wat voorkom met die [œ] as sonantiese element.

Die [a] as sonantiese element verbind met die konsonantgroepe [str / skr] in straf, skram as aanvangselemente. As slotelement saam met die [a] tree [p / k / f / m] in skrap, strak, straf, stram op. Geen ander verbinding is moontlik nie.

Waar [ɑ] die sonant is, kom die konsonantgroepe [spr / str / skr] in spraak, straat, skraal voor as aanvangselemente. Die [str / skr] is meer frekvent as die [spr]. Die konsonante [p / t / k / l] in skraap, straat, spraak, skraal kan as slotelemente gebruik word en geen ander nie. Van hierdie slotkonsonante is die [l] die frekwentste.

Die konsonantgroepe [spr / str / skr] in sprong, strop, skrop tree op as aanvangselemente waar [ɔ] die sonant is. Die [skr] kom net eenmaal voor, terwyl die [spr / str] tweemaal elk voorkom. As slotelement kan die konsonante [p / t / ŋ] in skrop, strot, sprong gebruik word. Behalwe hierdie drie kom geen ander slotelemente voor nie.

By die vyf woorde waar [o] die sonantiese element is, tree die konsonantgroepe [spr / str / skr] in sprook, stroop, skroot op as aanvangselemente, terwyl die konsonante [p / t / k / m] in stroop, skroot, sprook, skroom as slotelemente gebruik kan word. Van die slotelemente is [k / m] die frekwentste.

Sproet, stroef en skroef is die enigste drie woorde waar [u] optree as die sonantiese element. As aanvangselemente kom die konsonantgroepe [spr / str / skr] voor, en as slotelemente die twee konsonante [t] en [f].

Waar die [ə] die sonantiese element is, kom die konsonantgroepe [spr / spl / str / skr] in spring, split, strik, skrik as aanvangselemente voor. Van die aanvangselemente kom [skr] die meeste voor. Die konsonante [t / k / f / l / ɟ] tree op as slotelemente in split, strik, skrif, skril, string. Die [k / ɟ] is die frekwentste van die slotelemente.

Die konsonantgroepe [str / skr] in stryd en skryf kom voor as aanvangselemente waar die [ai] die sonant is. Die twee groepe kom ewe dikwels voor. As slotelemente kom die [t / k / f / n] in stryd, stryk, skryf, skryn voor.

Stroois is die enigste woord waarin die [oi] as sonantiese element optree. Nog dergelike verbindings is klaarblyklik onmoontlik.

Die [œy] as sonantiese element kom net in drie woorde voor, nl. spruit, struik en struis. As aanvangselemente kom die [spr / str] voor, en as slotelemente die [t / k] en die [s].

(h) Woorde bestaande uit drie konsonante, 'n sonant en twee konsonante:

Woorde wat op hierdie manier saamgestel is, is baie beperk in aantal; altesaam kom daar maar net ses van hulle voor. As sonantiese element kan net die vokaalfoneme [a / ɔ / ə] gebruik word. Die ander vokale kom nie voor nie, en ook nie die diftongfoneme nie. As aanvangselemente kom die konsonantgroepe [spr / spl / str / skr] voor, en as slotelemente die konsonantpare [ps / ts / ks / ms / nt / ɟk].

Die konsonantgroepe [spr / str / skr] in sprank, straks, skraps tree op as aanvangselemente waar [a] die sonant

is. As slotelemente kan die konsonantpare [ps / ks / ms / ŋk] in skraps, straks, skrams, sprank gebruik word.

Wanneer die [ɔ] die sonant is, kom die konsonantgroep [str] in stronk voor as aanvangselement. Die [nt / ŋk] in stront, stronk kan as slotelement gebruik word.

Die enigste woord waar die [ə] as sonantiese element optree, is splits, 'n voorbeeld wat vir homself spreek.

SLOT.

In die voorafgaande het ek probeer om so goed as wat die beperkte tyd my toegelaat het, 'n beeld van die fonologiese struktuur van die eenlettergrepige Afrikaanse woorde te gee. Ek het nagegaan watter eenlettergrepige woorde daar voorkom en hulle ingedeel in klasse volgens die aantal foneme waaruit elke woord bestaan. Daarna het ek nagegaan watter kombinasies van foneme in die verskillende klasse moontlik is en ook hoe frekwent die foneme en foneemverbindings voorkom. Hiermee is die onderwerp nie naby aan volledig bestudeer nie, maar die tyd vir grondiger studie ontbreek.

Die frekwensie van foneme en foneemverbindings kon ek nagaan in die woorde wat ek behandel het, maar om die saak in sy regte perspektief te sien, sou dit nog nodig wees om die frekwensie van die woorde in die taal ook na te gaan. Om te sê dat 'n sekere foneem of foneemverbinding ses of sewe maal in verbinding met bepaalde ander foneme voorkom, is nie genoeg nie. 'n Mens sou ook nog moet nagaan hoe frekwent die bepaalde woord in die taal is deur tekste na te gaan en die aantal kere wat dit voorkom, op te teken. Hierdie statistiek het vir die fonologie 'n dubbele betekenis. Aan die een kant moet dit aantoon hoe frekwent 'n bepaalde fonologiese element van die taal in die taal voorkom, en aan die ander kant wat die belang van die funksionele belasting van hierdie element of van 'n bepaalde fonologiese opposisie is. Vir die eerste opgaaf moet 'n mens 'n aantal deurlopende tekste uit die oogpunt van statistiek bestudeer, en vir die tweede opgaaf moet woordeboeke nagegaan word. Ek kon ongelukkig net laasgenoemde doen. In albei gevalle kan 'n mens een van twee dinge voor oë hou: of alleen die absolute aantal keer wat die betrokke element effektief voorkom, of die verhouding van hierdie aantal tot die aantal wat in teorie verwag sou word op grond van die kombinasiereëls. Ook dit kon ek nie nagaan nie. Die probleme van statistiek en van funksionele belasting van die

fonologiese .....

fonologiese elemente is op die allernouste manier met die studie van die foneemkombinasies verbind. By hierdie berekenings sal egter noukeurig gelet moet word op die styl waarin die betrokke stuk geskrywe is.

Ook die manier waarop die konsonantfoneme verbind tot konsonantgroepe en konsonantpare moet noukeurig nagegaan word om te sien op watter wyse die konsonante met mekaar kan verbind, watter volgorde die konsonante in konsonantverbindings handhaaf, en watter konsonante nie in dieselfde verbinding aangetref kan word nie, d.w.s. watter konsonante " mutually exclusive " is. (Kemp Malone: "The Phonemic Structure of English Monosyllables.")

Om 'n deeglike insig in die fonologiese struktuur van Afrikaans te kry, sou al die woorde in die taal nagegaan moet word. Dit is wat B. Trnka vir Engels gedoen het in sy werk A Phonological Analysis of Present Day Standard English en V. Mathesius in sy La Structure phonologique du lexique du Tcheque moderne vir Tseggies. Eers na dergelike werk gedoen is, sou 'n mens die eintlike kombinasiereëls van die Afrikaanse foneme, en dus ook die eintlike Afrikaanse fonologiese struktuur kan vasstel. Hierby sou sake soos die supra-segmentele foneme, neutralisasie, grenssiniale, die woord as volledige woordinhoud van <sup>die</sup> asin, grammatikale verskynsels, eg. (almal dinge wat ek in hierdie studie moes uitskakel) ontleed moet word, want dit is bekend dat grammatikale verskynsels, bv., groot invloed het op die kombinasiereëls van die spraakgeluide.

Die beeld van die fonologiese struktuur van Afrikaans wat ons dus uit hierdie studie kry, is nie volledig nie, maar dit dui in 'n groot mate die kombinasiereëls aan wat miskien in 'n mate gewysig kan word wanneer meer materiaal ontleed word.

In 'n studie, " Die Afrikaanse Foneme " in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, xii, April, 1952, (die aflewering van die Tydskrif het in werklikheid pas <sup>eers</sup> in September verskyn) wys Dr. M. de Villiers op die probleme wat opduik wanneer die fonologiese struktuur van alle Afrikaanse woorde nagegaan sou word. Hy lê ook sterk klem op die belangrikheid van die

fonologiese statistiek: „Vir 'n deeglike insig in die taalbou is uitvoerige statistiek i.v.m. die relatiewe frekwensie van die foneme in die drie posisies ( anlaut, inlaut en auslaut) met inagneming van die tipe woord (erfwoord, leenwoord, eienaam, tussenwerpsel) nodig.”

Wanneer tale met mekaar vergelyk word, is dit belangrik om die fonologiese struktuur van die tale te ken. Eers dan is dit moontlik om 'n grondige vergelyking van verskillende tale te maak. Die fonologiese struktuur van 'n taal speel 'n belangrike rol o.a. ook in die spelreëls veral wanneer 'n mens by vreemde ontlenings kom. Vreemde foneme en kombinasies wat in leenwoorde voorkom, word aangepas by die fonologiese struktuur van die taal. So vind ons, om maar net twee voorbeelde te neem, dat die Franse eienaam Charl en die snw. charge in Afrikaans tot sarel en sarsie geword het. Dit het gebeur omdat die [ʃ] 'n vreemde element in die Afrikaanse fonologiese struktuur is. As dit nie so was nie, sou die woorde heel waarskynlik net so in Afrikaans oorgeneem gewees het. Vreemde ontlenings met 'n onafrikaanse fonologiese struktuur word aangepas by die Afrikaanse foneemstelsel, terwyl ontlenings waarin geen vreemde foneme voorkom nie, net so oorgeneem kan word. Dit geld in groot mate vir alle tale. Op grond van hierdie kennis sal ons met veel groter sekerheid die tipies Afrikaanse kan onderskei van die ontleende en vreemde elemente in die woordeskat, woordvorming en grammatika. Op sy beurt is dit nodig vir die studie van die geskiedenis van die taal en as maatstaf by nuwe woordskepping, bv. op tegniese gebied.

Dit is dus duidelik dat die studie van die fonologie 'n belangrike onderdeel van die taalstudie is, wat sedert die twintiger jare baie groot vooruitgang gemaak het. Daar is egter nog baie weinig op die gebied <sup>in Afrikaans</sup>gedoen en dit laat dus 'n ryke veld vir verdere studie.

BYLAE A.

bie, bo, die, fee, gee, hê, hoe, ja, keu, lê, lie, ma, mee, na,  
nê, nee, nie, pa, ra, ru, sê, se, see, so, ta, te, tee, toe, vee,  
wa, wie, baai, bei, boei, bou, bui, by, dou, dui, dy, fooi, gooi,  
gou, haai, hooi, hou, hy, jou, iy, kaai, koei, kooi, kou, laai,  
leeu, lei, loei, looi, lou, lui, ly, maai, meeu, Mei, mooi, mou,  
my, naai, nôï, nooi, nou, paai, pou, raai, rei, roei, rooi, rou,  
ruï, ry, saai, seeu, sooi, sou, sy, taai, tooi, tou, vou, vy,  
waai, wei, wou, wy.

BYLAE B.

blo, bra, dra, drie, glo, kla, kee, knee, knie, pla, ploe, proe,  
sku, sla, slee, slu, smee, snee, spoe, spu, stu, tree, tru, twee,  
twaai, vla, vlie, vra, vroe, wie, blaai, bloei, blou, bly, braai,  
brei, broei, brou, bry, draai, flou, fraai, gloei, glooi, gly,  
groei, grou, klei, klou, knoei, knou, kraai, krui, kry, kwaai,  
plooi, prei, prooi, pry, skei, skei, skou, slaai, sneeu, snoei,  
snou, sny, spru, spy, swaai, troei, trou, trui, vlei, stoei,  
vleei, vlooi, vly, vrou, vry.

BYLAE C.

baard, baars, balk, band, bank, bars, Bask, beeld, belg, berg,  
berk, beurs, beurt, bind, bits, boks, bond, bonk, bont, boord,  
boort, bord, borg, bors, bort, bots, buks, bulk, bult, burg,  
buurt, dalk, damp, dank, deels, Deens, delf, delg, demp, derf,  
diens, Diets, dink, dolf, dolk, dorp, dors, duld, dunk, durf,  
feeks, fiets, fiks, Fins, fonds, fors, fort, galg, gars, geld,  
gerf, gids, ginds, gips, golf, gord, gort, gulp, haard, half,  
hals, halt, hand, hard, hark, harp, hars, hart, heers, heks,  
held, help, hels, hemp, hert, hings, hink, hits, homp, hond,  
hoort, hulp, huls, hups, hurk, jaart, jeens, jonk, jurk, juts,  
kaart, kaard, kaats, kalf, kalk, kamp, kant, kats, kelk, Kelt,  
kerf, kerk, kers, kets, kind, kinds, kink, kits, koerd, koers,  
koets, kolf, kolk, koms, koord, koors, korf, kors, kort, kots,  
kurk, laars, laks, lamp, land, lank, langs, links, lint, limf,

lomp, lonk, lont, loods, maagd, maand, Maart, mals, mank, mark,  
mars, meent, meld, melk, merk, merg, mild, milt, mirt, mits,  
mond, moord, morg, mors, munt, murg, naald, naand, nerf, ners,  
niks, nimf, noord, Noors, nors, pakt, pand, pant, park, pars,  
part, pels, perd, perk, pers, piets, pint, poets, pols, pomp,  
pond, pont, poort, pools, port, pulp, punt, puts, ramp, rand,  
rant, rank, raps, rats, reeds, reeks, reent, regs, rits, ronk,  
romp, rond, rots, salf, sand, seks, self, sent, send, serk,  
serp, siks, sink, silt, sinds, sint, soms, soort, sorg, sult,  
takt, taks, talk, tand, tant, tart, teelt, teks, telg, tenk,  
tent, terg, tert, tint, toets, tolk, tors, tulp, turf, Turk,  
vangs, viets, vilt, vind, vink, vonds, vaart, valk, vals, vark,  
vars, veld, velt, vent, verf, verg, vers, voert, volg, volk,  
vonk, voort, vors, vort, vrnk, waks, walg, wals, wand, want,  
wars, weens, welk, welp, welf, wend, wenk, werd, werf, werk,  
werp, wiks, wild, wilg, wind, wink, wolf, wolk, wond, woord,  
word, wors, wurg, beits, Duits, deins, peins, peits, veins.

B Y L A E D.

blank, blind, blink, blits, bloots, brand, bruusk, drank, drenk,  
drink, dronk, dwars, dwerg, flank, flard, flets, flink, flint,  
flits, floers, fluks, Frank, frats, front, glips, Grieks, grint,  
grond, groots, klamp, klank, klant, klerk, klets, klink, klits,  
klomp, klont, klots, kluts, knars, knors, kramp, krank, krenk,  
krimp, krink, kwart, kwets, kwint, plank, plant, pleks, ploert,  
prent, preuts, pronk, pront, skaars, skaats, skenk, skerf,  
skerp, skets, skild, skimp, skink, skors, skort, skots, skuld,  
skulp, skurf, skruk, slaags, slank, slegs, slemp, slurp, smart,  
smelt, snaaks, snags, snaps, snars, snerp, snert, snors, snork,  
Spaans, spalk, speld, spits, sport, stamp, stand, stank, steeds,  
steeks, stelt, sterf, sterk, stert, stink, stomp, stonk, stort,  
stulp, stuurs, swaard, swart, Sweeds, swelg, swenk, swerf, trant,  
trits, tromp, tronk, trots, trust, twaalf, Vlaams, vlerk, vrenk,  
vreemd, vriend, gryns, skuins.

B Y L A E E.

baal, baan, baar, baas, baat, bad, bak, bal, ban, bang, bat,  
bas, beef, beek, been, beer, bees, beet, bed, bef, bek, bel,  
bes, beuk, beul, beur, bid, bied, bieg, bier, bies, bis, bod,  
boef, boeg, boek, boel, boen, boer, boet, bof, bog, bok, bol,  
bom, bons, boog, boom, boon, boor, boos, boot, bos, bot, buk,  
bul, bus, daad, daal, daar, dag, dak, dal, dam, dan, dans, das,  
dat, daeg, deel, Deen, deer, dek, den, der, des, deug, deuk,  
deur, dief, dien, diep, dier, dies, dig, dik, ding, dip, dis,  
dit, doek, doel, doem, doen, def, dog, dok, dol, dom, don, dop,  
dor, dons, dood, doof, dool, doop, door, doos, dos, dun, dur,  
dus, dut, duur, faal, faam, fat, fees, fet, fes, fier, Fin,  
fok, fop, fut, gaaf, gaan, gaap, gaar, gal, Gam, gang, gans,  
gas, gat, geel, geen, gees, gek, geur, Geus, geut, gier, giet,  
gif, gil, gis, git, gin, God, goed, gom, gons, goor, Goot, gul,  
gun, guns, guur, haak, haal, haan, haar, haas, haat, had, hak,  
ham, hang, hans, hap, heel, heen, heer, hees, heet, hef, heg,  
hek, hel, hen, Hes, het, heug, heul, heup, hiel, hier, hiet,  
hik, hoed, hoef, hoek, hoer, hoes, hof, hok, hol, hom, hoof,  
hoog, hook, hoon, hoop, hoor, hoos, hop, hot, hul, Hun, hut,  
huur, jaar, jag, jak, Jan, jas, jeug, jeuk, jig, jil, job, jok,  
jol, jong, jood, jool, joos, juk, jul, jut, kaak, kaal, kaap,  
kaas, kaf, kak, kam, kan, kans, kap, kar, kas, kat, keb, keel,  
keep, keer, kees, kef, ken, kin, kès, keur, keus, kiek, kiel,  
kiem, kiep, kies, kik, kil, kim, kis, koek, koel, koen, koer,  
koes, kok, kol, kom, kook, kool, koop, koor, koot, Koos, kop,  
kos, kug, kul, kuns, kus, kuur, laaf, laag, laak, laan, laas,  
laat, laf, lag, lak, lam, lans, lap, las, lat, leg, leed, leef,  
leeg, leek, leem, leen, leer, lees, lek, lel, lem, lens, les,  
Let, let, leun, leus, lid, lig, lief, lied, lieg, lier, lies,  
lil, lip, lis, lit, lob, loef, loef, log, lok, lol, long, lons,  
lood, loof, loog, loom, loon, loop, loos, loot, lor, los, lot,  
lug, luk, luns, lus, maag, maak, maal, maan, maar, maas, maat,  
maer, mag, mak, mal, man, mas, ma, meel, meen, meer, mees, meet,  
meng, mens, met, mes, meul, mied, mier, miet, mik, min, mis,  
moed, moeg, moer, moes, moet, mof, mok, mol, mom, moor, moot,  
mor, .....

nor, nos, not, mud, muf, mis, muur, naad, naaf, naak, naam,  
naar, naas, naat, nael, nag, nar, nat, neef, neem, neer, neet,  
nek, nel, nes, net, neuk, neul, neug, neut, nier, nies, niet,  
nig, nis, noem, noen, nog, nok, non, nop, nood, noop, Noor, noot,  
nuk, nul, nut, muus, muut, paal, paap, paar, pad, pag, pak, pal,  
pan, pap, pas, pat, peer, peet, pen, per, pes, pens, pet, peul,  
piek, piep, Piet, pik, pil, pis, pit, poel, poep, pok, pol, pons,  
poog, pool, poon, poos, poot, pop, por, pos, pet, put, puur,  
raad, raaf, raak, raam, raap, raar, raas, raat, rad, rak, ram,  
rang, ras, rat, red, reep, reël, reën, reg, rek, rem, rens, rep,  
res, reuk, reun, reus, rib, riël, riem, riet, rif, ril, ring,  
rig, rit, rob, roem, roep, roer, roes, roet, rof, rog, rok, rol,  
roof, rook, room, roos, ros, rot, rug, ruk, rum, rus, saad, saag,  
saak, saal, saam, saans, saat, saf, sag, sak, sal, sang, sap,  
sar, sat, seg, seël, seën, seep, seer, sel, seng, sens, ses, set,  
seun, seur, siak, siel, sien, sier, sif, sig, sin, sing, sis, sit,  
s'n, soek, soel, soen, soep, soes, soet, sog, sok, sol, som, son,  
soog, sool, soom, soon, soos, sop, set, suf, sug, sus, suur, Taag,  
taak, taal, taan, taf, tak, tal, tam, tang, tans, tap, tas, teef,  
teel, teël, teem, teen, teer, tel, tam, ten, ter, tes, tet, teug,  
teuel, tien, tier, tiet, tik, til, tin, tob, toef, toer, toet,  
tog, tol, ton, tong, toom, toon, toor, top, tor, tot, tug, tuur,  
vaag, vaak, vaal, vaan, vaam, vaar, vaas, vag, vak, val, van,  
vang, vas, vat, veeg, veel, veen, veer, veg, vet, ver, vet, vier,  
vies, vin, vir, vis, vit, vod, voed, voeg, voel, voël, voer, voet,  
vog, vol, voog, voor, voos, vos, vul, vuur, waad, waag, waak,  
Waal, waan, waar, waas, wag, wal, wan, wang, wans, war, was, wat,  
wab, wed, weeg, weef, week, ween, wees, weer, weet, weg, wek,  
wel, wen, wens, wes, wet, wieg, wiek, wiel, wier, wig, wik, wil,  
win, wins, wip, wis, wit, wood, woel, woes, wol, woon, boud, boul,  
bout, buig, buik, buis, buit, byl, byt, dain, duif, duik, duim,  
duin, duit, dyk, dyn, feil, feit, fout, fuif, fuik, fyn, fyt,  
geil, geit, goud, heil, hout, huid, huig, huik, huil, huis, hyg,  
hys, juig, juis, hain, keil, koud, koup, kous, kuif, kuil, kuip,  
kuis, kuit, kyf, kyk, luid, luik, luim, luis, lyf, lyk, lym, lyn,  
lys, meid, mout, muil, muis, muit, myl, myn, neig, nooit, nyd,

nyg, Nyl, peil, pous, puik, puil, puin, puis, pvl, pvn, pyp,  
reik, reis, rein, ruig, ruik, ruil, ruim, ruis, ruit, ryg, ryk,  
ryn, Ryn, ryp, rys, seil, sein, seis, sous, sout, suid, suig,  
suil, suip, suis, syg, syn, tuig, tuin, tuis, tuit, tyd, tyk,  
veil, vuig, vuil, vuis, vyg, vyf, vyl, woud, wuif, wyd, wyf,  
wyk, wyl, wyn, wys, wyt.

B Y L A E F.

blaak, blaam, blaar, blaas, blad, blaf, blas, bleek, blêr, bles,  
blik, bloed, bloes, blok, blom, bloos, bloot, blos, bluf, blus,  
braaf, braak, braam, brak, bras, breed, breek, bres, breuk,  
brief, bries, brik, bril, bring, Brit, broek, broer, brok, brom,  
bron, brons, brood, broom, broos, bros, brug, brul, bruut,  
chloor, draad, draak, draal, draag, draf, drag, drang, dreef,  
dreg, drek, drel, dreun, drif, dril, dring, droog, droef, droes,  
drom, droom, dros, druk, drup, dwaal, dwaas, dwang, dweep, ding,  
flans, flap, flens, fles, fleur, flus, Frans, fries, fris, frok,  
frons, glad, glans, glas, gleuf, glim, glip, gloed, gloor, gluur,  
graad, graaf, graag, graal, graan, graat, graf, grag, gram, grap,  
gras, greep, grens, grief, Griek, griep, Griet, grif, gril, grip,  
groef, groen, groep, grof, grok, grom, groot, gros, grot, klaag,  
klaar, Klaas, klad, klag, klam, klap, klas, kleed, kleef, klem,  
klep, kleur, kliet, kliet, klier, klik, klim, king, klip,  
kloek, klok, kloof, kloot, klop, klos, klub, klug, knaag, knaap,  
knak, knol, knap, kneg, knel, kneus, kniel, knik, knip, knoes,  
knol, knoop, knop, knor, knot, knul, knus, kraag, kraal, kraam,  
kraan, krag, kram, krans, krap, kras, krat, kreef, kreet, kreun,  
kriek, kring, krip, croeg, croep, croes, krom, kroon, croos,  
krop, krot, kruk, krul, kwaad, kwaak, kwaal, kwak, kwas, kweek,  
kweel, kween, kwel, kwes, kwik, plaag, plaas, plaat, plak, plan,  
plas, plat, pleeg, plek, pleng, plig, ploeg, plof, plons, pluk,  
plus, Fraag, praal, praat, prag, pram, preek, pret, priem, prik,  
prins, proef, proes, prop, prul, sfeer, skaad, skaaf, skaak,  
skaal, skaem, skaap, skaar, skaf, skag, skans, skat, skeef,  
skeel, skeen, skeer, skel, skep, skêr, skeur, skeut, skiet,  
skif, skig, skik, skil, skim, skip, skob, skoer, skof, skok,

skool, skoon, skoor, skoot, skop, skor, skot, skub, skud, skut,  
skuur, slaaf, slaag, slaak, slaan, slaap, slaat, slag, slak,  
slang, slap, sleep, sleg, slet, sleur, slib, slik, slim, sloep,  
sloer, slof, slons, sloof, sloep, sloot, slop, slot, sluk,  
smaad, smaak, smaal, smag, smak, smal, smeed, smeek, smeer,  
smet, smeul, smid, smoel, smoor, smul, snaar, snak, snap, snel,  
snik, snip, snit, snoek, snoep, snoer, snoet, snoed, snor, snot,  
snuf, spaan, spaar, span, spat, spar, speek, speel, speen,  
speer, spēg, spek, spel, spens, sper, speur, spier, spies, spil,  
spin, spit, spoeg, spoed, spoel, spog, spons, spook, spoer, spot,  
spug, spul, staaf, staak, staal, staan, staat, staar, stad,  
staf, stal, stam, stang, stap, star, stat, steeg, steek, steel,  
steen, steg, stel, stem, ster, steun, steur, stief, stier, stif,  
stig, stik, stil, stip, stoel, steep, stoer, stoet, stof, stok,  
stol, stom, stop, stoef, stook, stoom, stoor, stoet, stug, stuk,  
stut, stuur, swaab, swaan, swaap, swaar, swaer, swak, swam,  
swang, sweed, sweef, sweem, sweep, sweet, sweer, swel, swem,  
swiep, swier, swig, swik, swoeg, swoel, traag, traak, traan,  
trag, trans, trap, tred, tref, trek, trem, trens, treur, tril,  
troef, troep, trog, trek, trom, trop, troon, troop, troos, tros,  
tsaar, twak, twis, vlaag, vlag, vlak, vlam, vlas, vlees, vleg,  
vlek, vlieg, vlier, vliet, vlies, vloed, vloek, vloer, vlok,  
vloot, vlos, vlot, vlug, vraag, vraat, vrag, vrat, vrees, vreet,  
vrek, vries, vreed, vroeg, vroom, vrot, vrug, wraak, wrak,  
wrang, wreed, wreek, wrik, wring, wrok, bleik, blyk, brein,  
broeis, bruid, bruin, bruis, dreig, druif, druil, druip, druis,  
dryf, fleim, flous, fluim, fluit, grein, gruis, gryp, grys,  
klein, kluif, kluis, kluit, knyp, kruid, kruik, kruin, kruip,  
kruis, kruit, kryg, krys, kryt, kwyf, kwyn, kwyt, plein, pleit,  
pluim, pluis, pruik, pruil, prium, Pruis, pryk, prys, skout,  
skuif, skuil, skuim, skuit, skyf, skyn, sluip, sluis, sluit,  
slyk, slym, slyp, slyt, smous, smyt, snuif, snuit, spuit, spys,  
spyt, steil, stout, stuif, stuit, styf, styg, styl, sweis, swyg,  
swym, trein, twyg, twyn, vleis, vlym, vlyt, vryf.

66.

B I B L I O G R A F I E.

1. B. Bloch en G. L. Trager: Outline of Linguistic Analysis.
2. L. Bloomfield: Language, 1935 (Britse Uitgawe ).
3. Dr. D.B. Bosman en L. W. van der Merwe, M.A., : Tweetalige Woordeboek (Afrikaans - Engels ).  
Derde verbeterde Uitgawe, 1946.
4. Chamber's Twentieth Century Dictionary, 1950.
5. Dr. M. de Villiers: „Die Afrikaanse Foneme“ in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1949.
6. Dr. M. de Villiers: „Die Afrikaanse Foneme“ in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Deel XII, April 1952.
7. E. Kruisinga: The phonetic structure of English Words.
8. Dr. T.H. le Roux en P. de V. Pienaar, M.A.: Afrikaanse Fonetiek (Vierde Druk).
9. Dr. T.H. le Roux en P. de V. Pienaar, M.A.: Uitspraak-woordeboek van Afrikaans (1945).
10. Kemp Malone: „The Phonemic Structure of English Monosyllables“ in American Speech, Vol. XI, 1936.
11. A. Sieberhagen: Meervoudsvorming in Afrikaans. (M.A. skripsie, U.K. 1949.)
12. Dr. H.J. Terblanche: Nuwe Praktiese Woordeboek.
13. N.S. Troubetzkoy: Grundzuge der Phonologie (1939), vertaal in Frans deur J. Cantineau onder die titel Principes de Phonologie waaruit die sewende hoofstuk, „Die Fonologiese Statistiek“ weer in Afrikaans oorgesit is deur Prof. Dr. J. du P. Scholtz.
14. Van Dale: Handwoordenboek der Nederlandse Taal, (1948).
15. N. van Wijk: Phonologie.